CARNEGIE - BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
24-3-1979
CARNEGIE LIBRARY
[illegible] STELLENBOSCH

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIII Nr. 3 PRYS 10c

VRYDAG, 23 MAART, 1979

# NUSAS KRY WIND VAN VOOR

DEUR FRANCOIS V.D. MERWE

'n POGING tot die stigting van 'n NUSAS-georiënteerde studentevereniging het verlede Donderdagaand gefaal. Disorganisasie en skynbare tweespalk aan die kant van die organiseerders, en die optrede van 'n groot groep luidrugtige NUSAS-teenstanders, het die mislukking in die hand gewerk.

Die beoogde vereniging sou die NUSAS-beginsels, soos vervat in die grondwet van laasgenoemde organisasie, onderskryf. Affiliasie by NUSAS sou allerlei voordele, maar nie stemreg op kongresse nie, aan die vereniging gee. Om dié rede is daar voorsien dat die vereniging onder 'n ander naam as NUSAS bekend sou staan. Die beplande vergadering moes 'n grondwet vir die nuwe vereniging uitwerk.

### TUSSENWERPSELS

Dit was vroeg duidelik dat die pro-NUSAS-belangstellendes ver oortref is deur NUSAS-teenstanders in getalle en luidrugtigheid. Gedurige tussenwerpsels het die voorlees van die NUSAS-grondwet ontwrig. Daar was ook onduidelikheid oor wie sou kon stem en die vergadering is verdaag met die bedoeling dat dit 'n rukkie later weer hervat sou word.


Gedurende die verposing is 'n lys gesirkuleer waarop ondersteuners van die vermeende vereniging hul name moes teken. Alhoewel die bespreking aan almal oop sou wees, sou slegs persone wat geteken het, kon stem. Dit het tot verdere ontevredenheid gelei en daar is selfs beweer dat die vergadering as gevolg hiervan in 'n geheime en daarom onwettige vergadering sou ontaard. Ongelukkig het die voorsteller van hierdie aantyging nie sy standpunt gemotiveer nie.

Na die vergadering het dit effens stigteliker verloop. Vordering was egter so stadig dat daar, na herhaalde onderbrekings, besluit is om die vergadering te verdaag. Daar sal later weer gepoog word om die vereniging te stig.

### DAGBREKERS

Dit is duidelik dat pogings om 'n pro-NUSAS-organisasie op Stellenbosch onder die huidige leiding te stig, moeilik of selfs onmoontlik sal wees. Aan die ander kant is dit ongelukkig dat die selfsugtige optrede van 'n groep studente die geroemde vryheid van meningsuiting en groepvorming op Stellenbosch verkrag het. In die betrokke geval was 'n georganiseerde groep Dagbrekers die sondaars.

# *Vrede?*



*Mnr. I. Unna, Israeliese ambassadeur in Suid-Afrika, tydens 'n SAAL-vergadering verlde week waar hy die moontlikheid van vrede in die Midde-Ooste geskets het. Links sit Kobus Pienaar, voorsitter van SAAK.*

# Midde-Ooste : Kanse op vrede skraal

OP Woensdagaand, 14 Maart het die Israeliese ambassadeur, mnr. Unna, sy laaste besoek aan die Eikestad gebring. Na 'n termyn van nege jaar, keer mnr. Unna binnekort terug na sy vaderland Hy het tydens 'n SAAK-vergadering in die Vroue-Verenigingsaal, die vooruitsigte op vrede in die Midde-Ooste bespreek.

Hy het eers die agtergrond geskets waarteen president Sadat vir die eerste maal 'n besoek aan Jerusalem gebring het. Twee faktore wat hom tot hierdie stap gedwing het, was die invalle deur Egipte in 1967 en die Joom Kippoer-Oorlog van 1973. Eersgenoemde invalle het Israel fisies in beheer geplaas van gebiede wat pres. Sadat wou terughê. Met die Joom Kippoer-Oorlog is Israel onverhoeds betrap. Die feit dat Egipte op die ou end egter die onderspits moes delf, het die Egiptenare diep in hul eer gekrenk.

Intussen het mnr. Begin aan bewind gekom in Israel. Egipte het gevrees dat mnr. Begin Israel tot oorlog sou lei en president Sadat moes sake red voordat dit te laat sou wees. Volgens mnr. Unna was die feit dat president Sadat na Israel gekom het lofwaardig, maar die redes vir sy besoek was verkeerd. In ruil vir sy toenadering wou hy die Sinai-strook en die Golanhoogland neem. Hierdie besoek was 'n deurbraak m.b.t. samesprekings en het 'n gevoel van optimisme laat opvlam.

'n Baie ernstige konferensie is in September 1978 by Camp David gehou. By hierdie konferensie wou Egipte sonder mandaat as verteenwoordiger van al die Arabiese lande optree. Daar is op 'n tydelike ooreenkoms besluit: Israel sou outonomie aan Palestina toeken. Mnr. Unna het dit duidelik gestel dat dit nog nooit beter met die Palestynse ekonomie gegaan het nie.

Sedert Camp David het die druk op Israel vir die sluit van vrede toegeneem. 'n Verdere konferensie in Bagdad kon geen beter vredesoplossing bied nie.

President Carter het ingegryp. Hy het Kairo en die Israeliese Parlement besoek en het hierdeur daarin geslaag om 'n basis te lê vir 'n vredesooreenkoms tussen Egipte en Israel. Volgens mnr. Unna sal so 'n ooreenkoms egter geensins die vrede in die Midde-Ooste waarborg nie. Te veel ander lande is by hierdie stryd betrokke. Teen die voorafgaande agtergrond wil dit lyk asof die vooruitsigte op 'n waarborg vir vrede in die Midde-Ooste binne 'n afsienbare tyd, dus redelik skraal is.

# SR BESOEK ANDER KAMPUSSE

"STELLENBOSCH beskik oor die moed wat uit oortuiging spruit om standpunt in te neem ten opsigte van die huidige regeringsbeleid", het Jan de Wet, SR-voorsitter, gesê na afloop van die SR se "Tours des Universites" wat vanaf 8 tot 11 Maart 1979 plaasgevind het.


Die motivering agter die SR se toer na die noordelike universiteite is 'n poging om Stellenbosch se isolasie te verbreek. Interuniversitêre skakeling is noodsaaklik sodat daar kennis geneem kan word van mekaar se standpunte ten opsigte van studentepolitiek.

Uit die dialoog met die noordelike Universiteite het dit geblyk dat Stellenbosch die voortou neem as dit kom by objektiewe kritiese standpuntinname teenoor landspolitiek. Dit kan toegeskryf word aan 'n proses wat na Stellenbosch se uitrede uit die ASB in 1968 in werking gestel is. Alhoewel pogings misluk het om kontak te maak met Engelse kampusse, NUSAS en anderskleurige universiteite, is daarin geslaag om 'n gees van betrokkenheid by landspolitiek wakker te hou. Die proses het by verlede jaar se monstervergadering 'n klimaks bereik. Die Studente-Unie het aangedring dat die SR 'n meer skeppende rol speel deur verantwoordelik standpunt in te neem teenoor die land se politieke aangeleenthede. Die SR het hierop reageer deur 'n Komitee vir Politieke Studies en 'n Studenteparlement tot stand te bring wat via die SR hulle standpunte kan opper.

Die Stellenbosse SR het ook hoofbestuurslede van NUSAS by die Universiteit van die Witwatersrand ontmoet. Hulle is van mening dat Stellenbosch nie by 'n reaksionêre liggaam soos NUSAS sal inpas nie, maar hom eerder tot die ASB moet wend. Die ASB het 'n verandering in denke en dade ondergaan soos sy studiestukke in verband met Rassisme en Kruispad aantoon. Stellenbosch het 'n leidende rol te speel indien heraffiliasie met die ASB sou plaasvind.

Die SR het ook die verskille aanwesig ten opsigte van interne kampusaangeleenthede by die universiteite ondersoek. Dit het gelei tot 'n studiegroep op eie bodem na die funksionaliteit van die SR op die kampus.

Besoek is gebring aan die kampusse van die Kovsies, Pukke, Raukies, Witsies en die Tukkies. Elke SR in die land onderneem jaarliks so 'n toer. Stellenbosch word op 27 en 28 Maart deur die SR van UPE en op 18 en 19 April deur die SR van UP besoek.



JAN DE WET

# *Besem-Red. aangestel*



COENRAAD PIETERSE

VERDIEN *Die Besem* nog bestaansreg op Stellenbosch, of het dit net nóg 'n grappige studentepublikasie geword? Volgens Coenraad Pieterse, redakteur van vanjaar se *Besem*, is dit alles behalwe so. *Die Besem* is 'n tradisie — onskeibaar vasgegroei aan Stellenbosch en sy Maties.

Die idee van 'n intervarsityblad het gekom van mej. Twinkle Hanekom, soos voorgestel op 'n SR-vergadering op 27 April 1935. Van die eerste uitgawe *Matie se Peper* in 1935, tot vandag het hierdie intervarsityblad 'n lang en glansryke pad geloop.

Hoewel dit nie aanvanklik *Die Besem* gedoop is nie, is die naam nog veel ouer. In 1927 het twee damestudentjies, te wete Anna Neethling-Pohl en Lulu Ziervogel, namens die dames van Harmonie 'n klein besempie aan Jan Pienaar, kaptein van daardie jaar se span, oorhandig. Die idee was natuurlik om die Ikeys weg te vee.

Volgens Coenraad Pieterse is dit nog steeds *Die Besem* se doel om 'n intervarsitygees te bou en die Maties saam te snoer.

Alhoewel daar steeds grappies gaan wees, gaan *Die Besem* van 1979 tog ook uniek wees. Soos in die verlede gaan die name van die moontlike spanlede weer gepubliseer word, asook 'n program van die verrigtinge.

Op 19 Mei word die eerste intervarsity op die Danie Craven-stadion gespeel. Soos 'n nuwe besem, sal die Maties wys hoe dinge gedoen word.

# STUDENTE OP VERHOOG MET EIE DRAMAS

*Die Suid-Afrikaanse pianis, John Antoniadis, wat môre-aand 'n klavieruitvoering in die Endlersaal gee. John Antoniadis is 'n senior lektor in klavier aan die Universiteit. Hy het aan die Royal Academy of Music in Londen gestudeer. Hy was onder meer 'n student van die beroemde Claudio Arrau in New York. Claudio Arrau het soos volg van John Antoniadis geskryf: "Among the young pianists of his generation, he is one of the few with something truly personal to say. He not only makes music with brilliance and commitment but with depth and feeling as well." In 1965 maak hy sy debuut in Londen en het sedertdien ook in München, Edinburg, Athene, die V.S.A. en Kanada opgetree. Hy is die eerste Suid-Afrikaanse pianis wat in die Lincoln Centre in New York opgetree het. Môre-aand se program kan as 'n "musikale kragtoer" beskou word. Hy speel vier van Beethoven se bekendste sonates: Op. 27/1 in E-mol, Op. 53 "Waldstein", Op. 81a "Les Adieux" en Op. 57 "Appassionata".*



## Toneelfees vandeesweek

MAARTMAAND beteken dat die USAT-dramafees weer hier is. Sedert daar vyf jaar gelede 'n konsepplan vir 'n USAT-eenbedryffees opgestel is, het Dramafees gegroei tot 'n jaarlikse studenteaktiwiteit wat studente in staat stel om die teater op 'n meer betrokke wyse te leer ken.

Dramafees dien as forum vir enige studentedramaturg om 'n stelling binne die tydsbestek van 40 minute d.m.v. 'n eenbedryf te maak. Studente-akteurs, -regisseurs en -tegnici kry die geleentheid om 'n *opvoering-in-produksie* mee te maak, en die organiseerders raak vertroud met die organisasie en onderliggende probleme rondom elke stap van die opvoering.

### STUDENTESKRYWERS

Vanjaar is daar negentien inskrywings, waarvan nege deur studente dramaturge geskryf is. Daar is die *Passie van Maria en Egon* deur Elize Britz (opgevoer deur Huis Visser en Huis Neethling): "Dit is die verhaal van Maria, die moeder-maagd-hoer, en Egon, beeld van die mens in sy oerbetekenis – Adam of Christus of miskien albei. Net soos hulle word hy verlei – hier deur Maria – om te swig voor die 'ander', die stom heersers van die wêreld, wat nòg taal nòg geslag het om hulle te 'verraai'."

'n Soortgelyke konflik vind plaas in *Quo Vadis?* deur Anel Oberholzer (opgevoer deur Wilgenhof en Nerina): "Die mens is in ewige botsing: die botsende kragte van die Bose en die Goeie in sy innerlike, met die magte van buite wat op hom inwerk. En tog streef ons na perfeksie, maar wat is dit om 'perfek' te wees?"

### FILOSOFIESE PRETENSIE

*Jonatan* deur Johann Rademeyer handel oor 'n mens wat homself nie kan aanpas by die vinnigveranderende en snelvloeiende lewe van vandag nie. By hom is dit 'n obsessie om uit te vind hoekom ons, en veral hy, op hierdie aarde is.

**Uit bg. aantekeninge wat oor die studentestukke ontvang is, blyk 'n pretensie tot ingewikkeldheid en filosofiese diepgaandheid. Of hierdie jong dramaturge aan sulke hoë verwagtinge voldoen, bly te bewese. Maar daaroor sal slegs diegene kan oordeel wat onbevooroordeeld gaan kyk. Enige skrywer het behoefte aan billike en opbouende kritiek.**

### BEOORDELING

Onder die ander stukke is daar Thornton Wilder se *Pullman Car Hiawatha, Then...* deur David Compton, *Elektra* deur Hugo von Hofmannsthal en *Ring-a-Ring-o'-Daisies* deur Davida Day.

**Mev. Madelein Heyns en dr. Stan Ridge sal die opvoerings beoordeel en die wisseltrofeë toeken. Die studenteskrywers se werk sal beoordeel word deur Pieter Fourie, artistieke direkteur van KRUIK.**

Die opvoerings vind vanaf 23 Maart tot 3 April in die Libertasteater plaas.

Kaartjies is teen 75c beskikbaar by die koshuise wat deelneem en Teaterbesprekings (Edrich). 'n Paar kaartjies sal ook elke aand by die deur beskikbaar wees vanaf 19h00.



ROSALIE VAN DER GUCHT

## Kuns Kalender

**KONSERVATORIUM**

**25 Maart, 1 April** – Sondagaand uitvoerings.

**4 April** – Fortune's Fire (tenoor en luit).

**USAT**

**23–30 Maart** – Dramafees.

**H.B. THOM-TEATER**

**2–12 April** – *Death of a Salesman* van Arthur Miller.

# *Griekse tragedie in amfiteater*

## *Antigone in Oude-Libertas*

***ANTIGONE*, 'n Griekse tragedie van Sophokles in Engels vertaal deur Richard Emil Braun. Met Dorothy-Ann Gould, Keith Grenville, Richard Grant, Esther van Ryswyk, Chris Truter. In die Oude Libertas-Amfiteater.** "The state is sick". Hierdie stelling het Teiresias, die blinde profeet in *Antigone*, alreeds 442 jaar v.C. gemaak. Só 'n toestand, wat die opheffing van alle reëls tot gevolg het, word verbeeld in die tragedie wat die afgelope week en 'n half in die Amfiteater opgevoer is.

Die drama is vandag nog net so geldig as wat dit 1537 jaar gelede in Athene was. Die verydeling van ideale, weerbarstigheid van die jeug en pragmatiese politiek, soos in *Antigone* gesien, is nog deel van ons daaglikse bestaan. Die trefkrag van die toneelstuk is deels hieraan toe te skryf.

### REGIE

Die regie, deur prof. Van der Gucht waargeneem, was onverbeterlik. Die hantering van die koor in die klassieke drama is gewoonlik 'n turksvy. (Soos UTS verlede jaar terdeë van bewus geword het in hul opvoering van *Die Vroue van Troje*.) Die grasie en harmonie waarmee die koor in *Antigone* gespeel het, laat dié stelling egter onwaar lyk. Daar is ook weer klinkklare bewys gelewer van die interafhanklikheid tussen die regie en die choreografie van 'n toneelstuk. Die opening van die toneelstuk het swaar op die bekwaamheid van die choreograaf gesteun en hiervoor moet Jasmine Honore aangeprys word.

**Klein dingetjies wat opgeval het was die geharde soldaat wat sy trane moes bedwing voordat hy Antigone na haar graf toe gelei het; die koor wat deurentyd gekonsentreer het, al was hulle nie self in fokus nie; 'n oortuigende gebaar van spanning by 'n stomspeler. Sulke klein dingetjies laat die teaterbeker oorloop.**

### ONTSPAN

Dit is sekerlik nie die resensent se taak om die spelers te kritiseer nie, maar waar die hart van vol is, loop die pen van oor. Keith Grenville het teatergangers nog nooit teleurgestel nie. Wanneer só 'n speler op die verhoog kom, ontspan 'n mens onwillekeurig, ongeag die atmosfeer, want jy weet hy is in volkome beheer van die situasie.

Die rypwordingsproses van die jong spelers Dorothy-Ann Gould en Richard Grant kan met belangstelling dopgehou word. Mej. Gould het haar naam met haar vertolking van die hoofrol in *Antigone*, in die Suid-Afrikaanse teater gevestig.

RACHELLE GREEFF

## filmfokus

OP Maandagaand 2 April bied die filmvereniging *Solaris* aan. Weens die lengte van die film sal daar net een vertoning, om 20h00, wees. Hierdie film deur regisseur Andrei Tarkovsky, is die Russiese antwoord op *2001*, maar behalwe vir die 'science-fiction'-agtergrond, het die twee films min in gemeen.

Die held, Kelvin, is 'n koudbloedige ruimtevaarder. Hy word na die planeet Solaris gestuur om sekere eienaardige gebeurtenisse te ondersoek. Wat hy op Solaris vind, is 'n geweldige kosmiese spieël. **Kelvin is egter nie net 'n ruimtevaarder nie, maar ook 'n psigoloog. Sy uittog is dus veel meer 'n eksplorasie van sy eie psige as 'n ruimtevaart.** Die geheim van die planeet is dat dit duistere inhoude uit die ruimtevaarders se onderbewussyn kan materialiseer. In die verdere verloop van die film word die konfrontasie tussen die ruimtevaarders en hierdie gematerialiseerde figure dan uitgebeeld.

### SPESIALEREEKS

Op 26, 28 en 30 Maart word 'n spesiale Duits/Franse filmreeks aangebied. Slegs lede kan hierdie vertonings bywoon. Toegangsgeld vir die reeks is R1. Maandagaand 26 Maart word *Lina Braake* (19h00) en *A Free Woman* (20h30) vertoon; Woensdagaand 28 Maart (20h15) *Effi Briest*; en op Vrydagaand 30 Maart *Le Mur* (19h00) en *A hard day for the queen* (20h30).

In *Lina Braake* word die lewe binne 'n ouetehuis waargeneem, terwyl ons in *A Free Woman* 'n oortuigende uitbeelding van 'n vrou deur 'n aanhanger van die 'feminist movement' kry. Die karakters wat Fassbinder gebruik in *Effi Briest* is die Duitse kleinadel – Protestant, manlik en burokraties. *Le Mur* is 'n verwerking van Sartre se roman en in die briljante *A hard day for the queen* sien ons Simone Signoret in die rol van 'n verbeeldingryke huisvrou.

# *Bywoning Swak in H.B. Thom*

MET hoeveel reg roem die Stellenbosse student hom op sy sogenaamde estetiese ingesteldheid? Of hoe verklaar 'n mens die feit dat die H.B. Thom-teater, ondanks opvoerings van hoë gehalte, so swak deur studente ondersteun word?

Vanjaar bied die geleentheid hom om onder meer *Death of a Salesman* van Arthur Miller, *Andorra* van Max Frisch en *Kinkels in die Kabel* van André P. Brink in hierdie teater opgevoer te sien. Bekende spelers sowel as belowende nuwelinge is in die opvoerings te sien en selfs skitterende spel is nie so 'n seldsaamheid nie.

**Met reekskaartjies kan toneelliefhebbers ses opvoerings in bespreekte sitplekke bywoon. Daarby is reekskaartjies goedkoper aan studente beskikbaar. Dat die meeste stukke wat in die Nico Malan-teater te sien is, ook in die H.B. Thom aangebied word, bring 'n aansienlike besparing mee, veral as vervoerkoste ook in berekening gebring word.**

Verdere inligting, asook inskrywingsvorms vir die reekskaartjies is by die Sekretaris, Kamer 14, Dept. Drama beskikbaar.

# Geesdrif laai vir Kultus '79

*KULTUS '79* word bekendgestel: 'n Unieke week van kuns en kultuur wat elke Matie betrek.

*Kultus '79* vind plaas in die week van 30 April tot 5 Mei. Onder voorsitterskap van Willie van der Merwe en in samewerking met die onderskeie kuns- en kultuurverenigings, word 'n interessante program vir elke aand beplan. Die programme sal elk 'n uur duur en sluit in: US-koor, USAT-vermaaklikheidsaand, poësie voorlesings, bespreking van studentepoësie, die uitslag van die ASVS-poësie- en musiekkompetisie, blokbespreking vir 'n toneelstuk in die H.B. Thom-teater en die week word op 'n hoë noot afgesluit met 'n Kultusbraaivleis.

### LEEMTE

**Kultus '79 vul 'n groot leemte in die kuns- en kultuurbedrywighede op Stellenbosch. Dit is die eerste aktiewe reaksie op die pleidooie van studente en kuns- en kultuurleiers dat kuns en kultuur 'n meer instrinsieke deel van ons student-wees moet uitmaak.** *Kultus '79* gaan bogenoemde verenigings se bedrywighede op 'n oorspronklike en sinvolle wyse saamsnoer en beloof om vir elke Matie 'n verrykende ervaring te wees.

# DRAMAFEES '79 PROGRAM

HIER volg die volledige program vir die USAT-dramafees 1979, wat van Vrydag 23 Maart tot Dinsdag 3 April duur. Daar sal in *Die Matie* van 5 April 'n fotobladsy van die dramafees verskyn. Die dramas word in die Libertasteater opgevoer en begin saans om 19h30.

**Vrydag 23 Maart**
*Quo Vadis* – Anel Oberholzer (student) : Nerina en Wilgenhof.
*Jonatan* – Johan Rademeyer (student) : Hombré.
*Pandora* – Anlen Jordaan (student, is in 1977 opgevoer) : Lydia en Pieke.

**Saterdag 24 Maart**
*Die Wet* – Theo Smith (student) : Harmonie en Dagbreek.
*Sorry Wrong Number* – Lucille Fletcher : Serruria en Helderberg.
*Albert* – Richard Harris : Wilgenhof en USAT.

**Maandag 26 Maart**
*Die Sandkis* – Edward Albee : Minerva en ASVS.
*Die Passie van Maria en Egon* – Elize Brits (student) : Huis Neethling en Huis Visser.
*The Futureis in Eggs* – Eugène Ionesco : Irene en Eendrag.

**Dinsdag 27 Maart**
*Die Rebelle* – Deon Smith (student).
*Die held* – N.P. van Wyk-Louw: Huis ten Bosch en Majuba.

**Woensdag 28 Maart**
*Pullman Car Hiawatha* – Thornton Wilder : Aristea en Libertas.
*Then* – David Campton : Huis ten Bosch en Majuba.

**Donderdag 29 Maart**
*Quo Vadis...?* – Dawid de Villiers (student) : Huis de Villiers en Helshoogte.
*Die Rooi Ferweeljas* – Josephina Niggli : Sonop en Oude Molen.
*Elektra* – Hugo von Hofmannsthal : Monica en Huis Marais.

**Vrydag 30 Maart**
*Ring-a-ring o'daisies* – Davida Day (student) : USAT.
*Burning Bright* – John Steinbeck, verwerk deur Libby Daniels (student) : Erica en Libertas.

**Saterdag 31 Maart**
Drie goeie produksies word vir die deelnemers opgevoer. Daarna volg die toekenning van wisseltrofeë en 'n kaas-en-wynonthaal.

**Maandag 2 April en Dinsdag 3 April**
Herhaling van die Saterdagaand-opvoerings.



*Studente-akteurs was vandeesweek druk besig met die laaste voorbereidings vir dié naweek se Dramafees. Op die foto verskyn Jakes Greyling, Annica Marincowitz (links) en Lana Mouton, die hoofspelers van* Quo Vadis...? *wat deur Helshoogte en Huis de Villiers opgevoer word.*




*Die Hervormde Studente-Vereniging van Stellenbosch bied vanjaar borde, bekers en asbakke met die dorpswapen teen 'n spesiale prys te koop aan. Dié reeks, ter herdenking van die driehonderd-jarige bestaan van Stellenbosch, word verkoop ten bate van 'n beursfonds vir Stellenbosse studente. Die ornamente word elke weeksdag van 08h30 tot 13h00 by die Ned. Hervormde Kerk op die hoek van Bosman- en Hofmeyrstraat verkoop. Daar is net 'n beperkte voorraad.*


# 'FOLKFEES' ONGEWENS

**Afr. CSV skryf:**

DIT is met groot dankbaarheid dat ons verneem het van die sterk standpunt wat *Die Matie* en *Smoeg* teenoor drankmisbruik ingeneem het. Daarby wil ons ook waardering uitspreek vir die pogings van die karnavalkomitee om drankmisbruik tydens die folkfees te bekamp. Aanvanklik het dit gelyk asof die reëlings doeltreffend was, maar die teenoorgestelde is egter bewaarheid en drankmisbruik het toegeneem soos die aand ouer geword het.

'n Aspek wat ook ernstige aandag vra, is die inhoud van die folkfees; organisatories, maar veral ook die liedjies wat gesing word. Dit is werklik nie meer vir 'n Christen moontlik om sy vriendin daarheen te neem nie, aangesien die seksuele en perverse in geen onseker terme besing word nie. Dit is ook blykbaar algemene praktyk om blatante vloekwoorde in die liedjies te gebruik. Dit bly onverstaanbaar dat die studente van Stellenbosch so iets in sy huidige vorm hoegenaamd langer kan duld. Die feit dat die byeenkoms swak georganiseer was (die klankversterking was òf te hard òf te sag, maar nooit reg nie), het bygedra tot 'n swak indruk. Laasgenoemde probleme was veral opvallend toe die gehalte van Jos Sithole, die briljante musikant van Nyanga, glad nie tot reg kon kom nie.

**Aangesien die folkfees in die geheel gesien o.i. nie die belang van die studentegemeenskap dien nie, wil ons graag alle betrokke instansies dringend versoek om te besin of die fees hoegenaamd nog verder in sy huidige vorm moet voortbestaan.**




**DIE MEESTE BANKTYD VIR DIE BESIGE STUDENT**

**Weekdae 8 vm. - 4.30 nm. (Woensdae ook)**
**Saterdae 8 vm. - 11.30 vm.**

Dit is 13½ uur meer per week — so goed soos 1½ dag ekstra elke week.

Ons Stellenbosse studentesakebestuurder, mnr. Tobie le Roux, nooi studente vir 'n koppie tee of koffie by ons gerieflik geleë kantoor in Die Trust Bank-sentrum, Andringastraat, Stellenbosch. Tel. 71200.



*Mnr. Tobie le Roux*

Spesiaal ontwerpte knipbord-vouers is gratis beskikbaar aan Trust Bank-spaarrekeningkliënte. Ons bied ook alle bouverenigingdienste.

Daar wag 'n nuwe wêreld vir u by Die Trust Bank.

DIE TRUST BANK
Gereg. Algemene Bank

deVS 595/688 A

# Studente oorwegend positief oor Radio Matie

IN 'n meningspeiling wat op die kampus gedoen is, het die studente oor die algemeen gunstig op Radio Matie gereageer. Ongeveer sestig Maties is ondervra.

Slegs ongeveer vyf persent van al die studente wat ondervra is was nie bewus van die bestaan van Radio Matie nie. Die oningeligte vyf persent het bestaan uit Neelsie-antagoniste. Ander was wel bewus van die uitsendings maar was onder die indruk dat dit deur die "goedhartige" SAUK behartig word. Hieruit is dit dus duidelik dat die oorgrote meerderheid wel bewus is van die bestaan van Radio Matie.

### MUSIEK TE HARD

Die studente is baie tevrede met die tipe musiek wat gespeel word. Die bevolkingsontploffing in die Sentrum getuig hiervan. Die enigste klagte wat in dié verband gehoor is, is dat die musiek soms te hard is. Studente is van dié spesie wat kan praat en luister tegelyk. Maar die feit dat die musiek soms te hard is, maak dit onmoontlik om te gesels. Studente moet dan hul stemme verhef om bo die musiek gehoor te word. Die musiek moet dan weer op sy beurt harder gemaak word om bo die lawaai van duisende stemme gehoor te word.

### EIE SAUK

Die studente is trots op hul eie "SAUK". Die kenwysies en advertensies dra by om Radio Matie soos 'n professionele uitsaaidiens te laat klink. Maar ook in die verband was daar 'n klagte. Sommige omroepers probeer om die SAUK se "groot stemme" na te boots. Die studente verkies algemene studentetaal bo die afgesaagde Radio Vyf of Radio Goeie Hoop clichés.

### NUUS MAAK BETROKKE

Baie studente het opgemerk dat Die Nuus groter bewustheid van kampusaangeleenthede by hulle laat ontstaan het. Daar was 'n voorstel dat Radio Matie in die opsig nog meer uitgebrei kan word, deur byvoorbeeld sprekers van SAAK of ander verenigings 'n kort onderhoud toe te staan. Dit sal studente toelaat om vooraf te besluit of hulle na die spreker wil gaan luister of nie.

Radio Matie is 'n nuwe instelling maar dit blyk dat die studente tevrede is met hulle nuwe "uitvinding". Ons hoop dat Radio Matie in 'n studentetradisie sal ontwikkel en nie net 'n ster op die horison sal bly nie.



Marius Muller: "Sommige goed kan gaan, maar ander is nonsense. Dit kan egter ook goeie 'spirit' onder die studente bou."



Miss van der Hoven: "It is very informative, however the information is usually a bit too late. It creates unity especially among day students."



Derick Nothling: "Dis heel oorspronklik en goed."



Mnr. M. Vormbaum: "Dis 'n baie goeie idee veral omdat dit dien as inligtingsmiddel vir studente. Dit is dikwels te hard."



Mej. S. Henry: "Die musiek kan 'n bietjie verbeter met minder herhalings van sommige plate op dieselfde dag."



Mnr. A. Neethling: "Gemiddeld. Daar kan meer musiek en minder van die omroepers wees."



Dr. Roos, Departement Sielkunde: "Ek het nie vreeslik geluister nie en is daarom meningloos."



Mej. van Niekerk: "Ek hou daarvan, ek hou van die musiek en dit maak 'n positiewe bydrae van inligting aan die studente."



Jeff van der Merwe: "Ek dink dis goed. Ek sal daarvan hou as daar meer persoonlike onderhoude oor studentesake is."



Kobus van der Merwe, Oud-student: "Dit is 'n goeie ding en moes al lankal hier gewees het. Daar moet gepoog word om die opvangsgebied uit te brei."

# RADIO MATIE : EERSTE KLANKE GEE MOED

## Vise-rektor open uitsaaidiens

RADIO-MATIE, wat nou al drie weke lank uitsaai, het gekom om te bly. Die huidige diens is die resultaat van noukeurige beplanning en harde werk en Deon de Kock, SR-lid belas met Radio Matie verdien beslis 'n pluimpie in die hoed.

Kort na verlede jaar se SR-verkiesing, het die LSS-komitee, waarvan Deon de Kock die voorsitter is, 'n prioriteitslys opgestel ten opsigte van die termyn se beoogde werksaamhede. Daar is besluit dat die musiekverskaffingsprobleem in die LSS eerste aandag sal geniet. Die oplossing was 'n eie radiodiens op die kampus. Die meeste hulp, raad en idees het van ons buurkampus, Ikeys, gekom wat reeds drie jaar soortgelyke diens het.

### DOEL

Die radiodiens bied onbeperkte uitbreidingsmoontlikhede en is bowendien 'n "waardevolle toevoeging tot ons kampus se kommunikasie-media". Radio Matie kan, sodra die uitbreidings na koshuise en Tygerberg 'n werklikheid word, die "verbrokkeling van eenheidsgees" onder ons massa studente effektief teenwerk. Dit moet ook 'n belangrike inligtingsfunksie vervul deur middel van daaglikse kampusnuusuitsendings en interne en eksterne advertensies.

### INSTALLERING

Mnr. Douw Conradie, 'n derdejaar-ingenieurstudent, het gedurende die universiteitsvakansie die Matie klanksisteem gebou. Kort na die aanvang van die nuwe jaar is dit in die klankateljee langs die SR-kantoor geïnstalleer. Die SR het die totale koste van R2 650 gefinansier.

### LISENSIE

Na onderhandelinge met die Suid-Afrikaanse Musiekregte Organisasie, is daar aansoek gedoen om 'n lisensie wat uitsendings van hierdie aard magtig teen bedrae van R100 per jaar. Al die platemaatskappye in SA het ingewillig om hulle nuutste vrystellings elke week gratis aan Radio Matie beskikbaar te stel.

### EERSTE KLANKE

Op 1 Maart 08h30 is die eerste klanke van Radio Matie gehoor. Ons SR-voorsitter, mnr. Jan de Wet, het die eerste program aangebied. Om ongeveer 10h40 het die vise-rektor, prof. Mike de Vries, 'n openingsrede gelewer en kort daarna is die eerste nuusbulletin gelees. Vanaf 12h30 het twee bekende SAUK-omroepers, Tinus de Villiers en Jannie Botes, 'n uurlange program aangebied. Hulle was baie beïndruk met ons Radio Matie ateljee.

## Ateljee



*Deon de Kock, SR-lid belas met Radio Matie, sit hier in die splinternuwe ateljee.*

### PROGRAMME

Tans word musiekprogramme vanaf Maandag tot Vrydag tussen 08h30 en 16h30 aangebied. Op Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae word soortgelyke programme net vanaf 11h30 tot 14h00 gehoor. Nuusflitse word elke weeksoggend om 11h00 uitgesaai asook 'n volledige nuusuitsending elke weeksdag om 13h00. Versoekprogramme en Engelse nuusuitsending word in die vooruitsig gestel. Studente, wat die omroeperstoets geslaag het, saai daagliks sonder enige vergoeding uit.



*Mev. Amanda le Roux, primaria van Heemstede in 1968 onthul Seksie 4 se seksiebord. Seksie 4 is sedert die bestaan van Heemstede die senior seksie.*

Cobwebs
Dorpstraat 145 Dorpstreet
Ons dek die hele spektrum van smaak en prys in GESKENKE
Juweliersware en sy serpe
*Lieberman* teëls en kerse
*Gallery Five* kaartjies en geskenkpapier
Mandjies en droë blomme en sade
Bierbekers met US-wapen
Wynsakke
Wierrook

# Radio Matie in elke koshuis!

RADIO-MATIE gaan binnekort sy diens uitbrei. Die aanbiedings self sal uitgebrei word en verder gaan koshuise by die uitsendings ingeskakel word.

Volgens Deon de Kock, SR-lid belas hiermee- gaan dinge op die oomblik redelik dol, omdat alles nog op 'n wankelrige fondament gebou word.

Hy hoop dat dinge eersdaags kalmer sal word sodra die omroepers meer gesout is. Op die oomblik sal die uitsendings voortgaan om hoofsaaklik te bestaan uit musiek, aankondigings en interne advertensies, afgewissel met nuus en nuusflitse.

### UITBREIDINGS

Mnr. De Kock sê dat groot uitbreidings beplan word binne die volgende twee of drie maande. Hy sou verlede Vrydag geweet het watter koshuise wil inskakel op dié diens. Dit is nou net 'n kwessie van tyd voordat die diens ingestel word.

### VERSOEK PROGRAMME

Verdere uitbreidings wat op Radio-Matie oorweeg word, is die aanbieding van versoekprogramme, iets soos VRA VIR FANUS en moontlik 'n vervolgverhaal. Hoe gou dit sal geskied hang af hoe lank dit neem om Radio-Matie (wat van RM-Radio?) vlot te laat funksioneer.

### ADVERTENSIES

Die uitsaai van 'n advertensie of beriggie geskied teen die geringe koste van 30c per flits. Vorms is by die SR-kantoor beskikbaar. Die laatste wat dit vir u uitsendings ingehandig moet word, is 24 uur voor die tyd. Indien dit op 'n spesifieke dag en tyd uitgesaai moet word, moet dit reeds vyf dae vantevore ingehandig word.

### OMROEPERS

Min werklik goeie, natuurlike omroepers het nog gekom vir stemtoetse. Johan Els, die hoofomroeper, kan in verband hiermee by Helshoogte A104 gekontak word. Ondervinding om voor mense op te tree en 'n goeie stem is noodsaaklik.

# ASB HET MAAR MIN VERANDER

Stormjaar

## *Maties en ASB se verskille lê diep*



*1968 was die jaar toe Stellenbosch uit die ASB gedisaffilieer het. Hier lug 'n student sy mening tydens die destydse monstervergadering in die Stadsaal. Toe het die Stellenbosse student nog sterk oòr die ASB kwessie gevoel. Of dit vandag nog so 'n groot verdelingsfaktor op die kampus is, is 'n ope vraag.*

DEUR MAARTEN MITTNER

"DIE ASB het verander, dus kan ons maar affilieer." Hierdie stelling hoor mens deesdae so dikwels op Stellenbosch dat dit, saam met die onlangse verligte uitsprake van die organisasie, 'n mens tot herbesinning dwing. Is die ASB nog maar steeds "dieselfde ou storie, of het dit na al die jare werklik verlig en progressief geword? Voordat ons tot 'n oorhaastige gevolgtrekking kom, is dit nodig om na die geskiedenis, wat so gou vergeet word, te kyk.

Die ASB is in 1948 gestig, alhoewel dit maar net 'n uitvloeisel was van die Afrikaanse Nasionale Studentebond wat in 1933 gestig is. Voor 1933 was alle Afrikaanse en Engelse universiteite saam verteenwoordig in Nusas (die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente), maar danksy pogings deur aktiviste soos dr. Nico Diederichs en dr. P.J. Meyer het alle Afrikaanse universiteite gedisaffilieer. Die ANS is na die Tweede Wêreldoorlog ontbind, hoofsaaklik omdat hulle baie noue bande met die Ossewa-Brandwag gehad het. Dr. Hans van Rensburg, OB-leier, was op 'n stadium selfs ere-president van die ANS. Daarby het die organisasie sekere pro-Duitse uitsprake gemaak wat deur hul teenstanders as vorme van Nasionaal-Sosialisme bestempel is.

### OORHEERS

Reeds sedert die stigtingsjare van die ASB was dit duidelik wie die septer in die organisasie swaai. Die twee universiteite van die noorde, Potchefstroom en Pretoria, het weens hul groot studentegetalle en hul groter studenterade duidelik die politieke debatvoering en die kongresse oorheers en wou nie graag afstand doen van dié bevoorregte posisie nie. Stellenbosch het gesukkel om voldoende invloed in die organisasie uit te oefen en om sy meer gematigde sieninge in die ASB te propageer. So het Stellenbosch bv. vanaf 1956 tot sy disaffiliasie in 1968 slegs drie keer 'n



CHRIS FISMER

nasionale ASB-president opgelewer. As in aanmerking geneem word dat die Kovsies eers in 1968 'n president gelewer het, word dit duidelik watter sterk houvas Potch en Tukkies op die Bond gehad het. Daarby moet dit gestel word dat die presidente wat Stellenbosch wel opgelewer het, net so konserwatief, indien nie meer, as hul noordelike eweknieë was en dat enige "verligte" Stellenbosse SR-voorsitter nooit president van die ASB geword het nie.

### STIGTINGSJARE

Die ASB is reeds van sy stigtingsjare gekenmerk deur 'n houding en beleidsrigting wat die Nasionale Party-regering se beleid woord vir woord onderskryf het, maar wat ook die vrymoedigheid gehad het om die regering te waarsku indien hy ontspoor en die "liberalisties humanistiese" weg volg in plaas van die suiwer reguit Nasionale weg. In 1966 het die ASB se berugte Brown-mosie die lig gesien. Die mosie is by die 1966-kongres aangeneem en behels o.a. dat mnr. S.E.D. Brown, redakteur van die *SA Observer*, gelukgewens word met sy goeie werk in die Engelse pers waardeur hy die saak van die Afrikaner en Suid-Afrika bevorder. Hierdie mosie, meer as enige ander, toon watter verkrampte organisasie die ASB werklik was en vandag nog moontlik is. Hierdie mosie is aangeneem kort voordat die verlig-verkramp stryd binne die Nasionale Party tot uitbarsting gekom het, en mnr. Brown en sy aanvalle op ander sg. "progressiewe" Afrikaners was slegs in die uiters verkrampte vleuel van die party gewaardeer. By die kongres is ook bepaal dat Nusas geen bestaansreg het nie en dat die ASB enige debat tussen die organisasies verwerp. Regse uitsprake, soos dat die *American Field Service* toegang tot skole geweier word en dat die "afdruk van 'n Amerikaanse lewens- en denkwyse op die gebied van studenteverhoudinge in Suid-Afrika" een van ons grootste bedreigings is, is ook aangeneem. Die ASB het ook verklaar dat hy nie sal toelaat dat nie-blanke leiers sy kongresse toespreek nie.

### ONTUIS

Te midde van hierdie regse mosies het Stellenbosch reeds van vroeg af ontuis in die ASB gevoel. Reeds in 1959 het 'n groep Stellenbossers verklaar dat die ASB in sy destydse vorm uitgedien was en verander moes word. In 1965 is 'n plaaslike monstervergadering gehou, met die mosie dat Stellenbosch van die ASB moet disaffilieer en dat slegs dié studente wat vrywilliglik by die ASB aansluit deur die plaaslike ASB-komitee verteenwoordig moet word. Hoewel die monstervergadering deur 'n SR-lid, Fluff Fullard, gereël is en daar 'n twee-derde meerderheid ten gunste van die mosie was, het die SR dit as onkonstitusioneel verklaar.

Dit was egter die Brown-mosie wat die grootste beweegrede was vir Stellenbosch se uiteindelike disaffiliasie. Kort na die aanneem van die mosie het verskeie versoekskrifte die rondte gedoen en in een van die pamflette is 'n oproep tot die ASB-president gemaak om te verduidelik of mnr. S.E.D. Brown die Afrikanerskap van prof. H.B. Thom, dr. Anton Rupert, dr. M.S. Louw, dr. P. Rousseau en dr. H.J. van Eck betwyfel.

### MEERDERHEID

In 1968 het mnr. Louis du Plessis sy disaffiliasie-mosie by 'n SR-erkende monstervergadering voorgelê, en dit is met 'n groot meerderheid aangeneem. Toe die SR onwillig was om hierdie besluit uit te voer, is nog 'n monstervergadering gehou wat die SR verplig het om uit die ASB te bedank. Alhoewel baie mense die reëling slegs as tydelik gesien het en daar gretiglik planne beraam is vir heraffiliasie, het pogings misluk toe daar in 1970 weer by 'n monstervergadering teen heraffiliasie gestem is. Dit is dus duidelik dat Stellenbosch nie oor 'n blote administatiewe saak soos bv. sentrum-affiliasie uit die ASB getree het nie, maar dat dit veral die hiper-konserwatiewe en regse uitsprake van die organisasie was wat onversoenbaar was met die meer verligte siening wat deur Stellenbosch gehuldig is.

### KONTAK

Sedert 1970 het Stellenbosch rustig sy eie pad gevolg en hoewel kontak met die ASB gehou is, is daar gepoog om kontak met ander universiteite te bewerkstellig d.m.v. studenteraadskonferensies, die bywoning van ASB- en Nusas-kongresse, seminare, US-Gesprek ens. Niks substantiefs, wat as 'n doeltreffende alternatief vir ASB-affiliasie kon dien, is egter bereik nie, en Stellenbosch het meer en meer geïsoleerd geraak. Die rede vir Stellenbosch se steeds meer geïsoleerde toestand kan vierkantig op die skouers van die Studenteraad geplaas word. Geen studenteraad sedert 1968 was in staat om Stellenbosch se disaffiliasie te hanteer en nuwe alternatiewe op 'n verbeeldingryke wyse aan te pak nie. Só het Stellenbosch die "slaprug SR" van Buks Hertzog in die vroeë 1970's ervaar, tot onlangs 'n SR voorsitter wat die rol van die SR slegs as administratief vertolk het en verskeie ander studenterade wie se politieke uitsprake feitlik niks van die ASB s'n verskil het nie. Stellenbosch kon slegs 'n sukses van sy disaffiliasie maak indien die studenteraad duidelike, visieryke en verligte uitsprake, as doeltreffende alternatief tot verkrampte, ASB-uitsprake, kon maak. Indien dit nie sou gebeur nie, het Stellenbosch mos geen rede gehad om uit die ASB te tree nie. Ek dink dit sou egter onregverdig wees om nie die persone uit te sonder wat wel pogings aangewend het om die situasie te verbeter nie. Daar was wel uitsonderings, maar dit was feitlik 'n patroon dat hierdie persone nooit as SR-voorsitters verkies is nie, maar portefeuljes soos onder-voorsitter, US-Gesprek, Intervarsity, ens. beklee het. Die monstervergadering wat Stellenbosch verlede jaar beleef het en waarin 'n dringende oproep tot meer politieke betrokkenheid en aktivisme gedoen is, blyk ook nie 'n sukses te gewees het nie. Alhoewel die huidige SR baie intensief besig is om meer empiriese kennis oor politieke aangeleenthede te verkry, het dit in 'n absolute moeras van onnodige detail en reëls verval. Elke jaar is daar al hoe meer gehunker na heraffiliasie en 'n SR termyn het feitlik nooit tot 'n einde gekom voordat ASB dis- of heraffiliasie weer gespreek is nie.

### STILWEG

Dit blyk dat daar tans weer stilweg pogings aangewend word om die heraffiliasie-debat weer op te kikker. Die volgende redes word deesdae genoem as synde die voordele vir Stellenbosch indien hy weer affilieer. Stellenbosch kan saam met Potchefstroom 'n "verligte alliansie" teen Tukkies vorm en so help om verligte mosies op die Kongresse deur te stem. Hierdie rede blyk een van die aanloklikste te wees. Die vraag kom egter by 'n mens op hoe diep die sg. "verligtheid" by die noordelike universiteite strek. Ek glo dat 'n mens kan aanneem dat dit nie baie diep strek nie. By verlede jaar se ASB-kongres is 'n mosie wat die afskaffing van die Ontugwet bepleit het, afgestem terwyl die hoofbestuurder se mosie oor oop universiteite slegs in 'n afgewaterde vorm aangeneem is. Toesprake wat mens slegs van HNP-sprekers verwag, was aan die orde van die dag. Persone wat hierdie retoriek teenstaan, is as voorbeelde gestel van die nuwe verligte gees wat in die ASB posgevat het. Die punt is dat sommige mosies wel verlig voorkom slegs indien dit met die verkrampte sieninge vergelyk word. Dit is egter 'n feit dat die ASB wel vanjaar 'n dinamiese en verligte president in die persoon van mnr. Theuns Eloff het. Maar kyk 'n mens 'n bietjie na sy moontlike opvolgers dan lyk die toekoms nie baie rooskleurig nie. Leiers soos Chris Fismer van Tukkies, Johan Wasserman van RAU e.a. is beslis nie groot eksponente van die verligte gedagtesisteem nie. Stellenbosch kan beswaarlik bekostig om tans te heraffilieer en die volgende jaar weer te sit met 'n president wat Stellenbosch waarsku "dat enige druk van hulle kant in die kiem gesmoor sal word."

### PLATFORM

Die ASB sal vir Stellenbosch 'n duidelik platform bied waar sy stem helder en duidelik gehoor sal kan word. Hierdie is een van die meer onsinnige redes wat geopper word. Die feit dat Stellenbosch nie op 'n doeltreffende manier genoeg kans gegee is om in die verlede sy sê te sê nie, was een van die hoofredes vir disaffiliasie van die ASB. Ons kan maar net die voorbeeld van die ASVS noem. Mosies wat die ASVS by verlede jaar se kongres ingedien het, is keer op keer afgestem en baie is by tye selfs as links of liberaal afgekraak. As die ASVS, wat nog redelik konserwatief is, sukkel om sy menings deur te voer, dan het 'n verligte Stellenbosse SR-lid nog minder kans om sy sieninge deur te voer.

### ONNODIG

Party eksponente reken dat die Stellenbosse SR se uitsprake deesdae so min verskil van die ASB dat dit onnodig en irrelevant vir Stellenbosch is om op die kantlyn te staan. Daarby verskil die Stellenbosse Afrikaner student maar min van sy noordelike eweknie. Die Stellenbosse student en selfs die SR verskil aansienlik van dié binne die ASB. Sekere uitsprake word by 'n ASB-kongres geopper wat nooit by 'n Stellenbosse SR geopper sal word nie. 'n Mens hoef maar net na die argumente op 'n ASB-kongres te luister om te hoor hoe argaïes dit is. Die meeste van die retoriek is twintig jaar gelede op 'n Nasionale Party-stryddag aangehoor en hoort vandag in HNP-kringe.

### NIE HOOFREDE

Die hoofbeswaar waarom Stellenbosch van die ASB gedisaffilieer het, was die kwessie van sentrum-affiliasie. Hierdie stelsel is nou verander en gevolglik kan Stellenbosch nou weer heraffilieer. Dit is egter 'n feit dat sentrum-affiliasie beslis nie die hoofrede vir disaffiliasie was nie. Ek dink almal neem kennis van die feit dat die stelsel gewysig is. Die vraag word egter deesdae gevra of dit nie meer noodsaaklik is dat die stelsel andersom moet werk, nl. dat die aantal studente wat by die ASB wil affilieer hulle name op papier moet neerskryf en dat die ASB dan namens hulle affilieer nie.

### GEYKTE VRAAGSTUKKE

Dit is duidelik dat die gemiddelde Stellenbosse student op die oomblik siek en sat is vir die geykte ASB-vraagstuk, en dat pogings om hierdie spook weer te berde te bring, net die studente-unie meer apaties gaan maak weens gebrek aan enige belangstelling. Waarvoor die Stellenbosse student egter wel kans sien, is om nuwe denkrigtings te verken en te propageer om hierdie universiteit, met sy trotse verlede, weer eens 'n faktor in die studentepolitiek te maak. 'n Universiteit wat nie bang sal wees om visieryke uitsprake, gegrond op innerlike oortuigings, te maak nie. 'n Universiteit wat, indien hy op enige tone trap, die moed van sy oortuiginge sal hê om enige teenargumente op 'n logiese en doeltreffende wyse te verantwoord. Is dit werklik so moeilik om te realiseer?

**Die Matie**
VRYDAG, 23 MAART 1979

# Oordeel self, maar bly objektief en logies

DIE stigting van 'n Nusas-georiënteerde Studente-vereniging op Stellenbosch het misluk om verskeie redes. Swak organisasie en 'n sterk gevoel teen Nusas, wat deur die jare 'n radikale linkse beeld by Afrikaanse universiteite uitgedra het, is ongetwyfeld die hoofredes.

Dit is ook nie die eerste keer dat Nusas die wind van voor kry nie. In 1976 het gematigde studente op Engelssprekende kampusse begin om in opstand te kom teen 'n organisasie wat "nie meer verteenwoordigend" van hulle was nie. "Ons is siek en sat vir alles wat Nusas in die naam van Engelssprekende studente sê en doen," was die mening van o.a. baie studente op Wits. Nusas is beskuldig dat hulle niks anders as 'n "politieke drukgroep" geword het nie.

Die behoefte by Engelssprekende kampusse om nie net met Swart kampusse kontak te maak nie, maar ook met Afrikaanse kampusse, het toe al bestaan en bestaan nou nog meer.

Dit is die één kant van die saak. Nusas het wel besef dat hul beleid 'n aanpassing dringend nodig het. Hulle het gepoog om 'n meer aanvaarbare en konstruktiewe houding in te slaan.

*Die Matie* mag nie vir u besluit of dié houding u pas of nie. Oor die meriete van die nuwe rigting wat Nusas inslaan moet uself oordeel. Aangesien beide denkrigtings – 'n Nusas-denkrigting sowel as 'n ASB-denkrigting – op Stellenbosch teenwoordig is, moet uself besluit watter kant van die tou u staan. *Die Matie* is geen partypolitieke koerant wat vir die een deel van die Studentegemeenskap probeer 'speel' nie.

In hierdie uitgawe verskyn artikels oor die ASB sowel as Nusas. Dit is die mening van *Maties* en daarom is dit 'n weerspieëling van denkrigtings op Stellenbosch.

Daar was egter nóg 'n rede hoekom die stigtingsvergadering verlede week misluk het. Onvolwasse optrede van 'n georganiseerde klein juigkommando'tjie met die uitsluitlike doel om die vergadering te ontwrig, het 'n klad op die naam van Stellenbosch gelaat.

Ons is tog bekend daarvoor dat ons eers wil aanhoor en dan objektief en logies sal oordeel. 'n Paar jaar gelede het studente 'n HNP-vergadering op Stellenbosch probeer ontwrig. Hul gedrag was laakbaar – die beginsel is sekerlik verkrag.

## REDAKSIE 1979

HOOFREDAKTEUR: LOUIS HEYNEMAN, Redaksiekantoor: Langenhoven-sentrum 436 en 438. (Tel. 5979) Christellahof 16, Victoriastraat. Boodskappe: Sekretaresse, Studenteraadskantoor, LSS (Tel. 3702).
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: KOBUS PIENAAR, Concord 24 (Tel. 2045).
ADVERTENSIE-BESTUURDER: IAN THERON, Silvertrees. (Tel. 2122).
AKTUELEREDAKTEUR: JOHN VAN BREDA, Louwstraat 3. (Tel. 3578).
NUUSREDAKTEUR: JOHAN LÖTTER, Eendrag. (2137).
INTERUNIVERSITÊREREDAKTEUR: MAARTEN MITTNER, Eendrag. (2136).
SPORTREDAKTEUR: KWARTUS SIEBERHAGEN, Dagbreek. (Tel. 3633).
SOSIALEREDAKTEUR: DEON VAN NIEKERK, Son Vida 205.
KUNSREDAKTEUR: ABEL PIENAAR, Paul Krugerstraat 2.
TAALREDAKTEUR: ANDRIES CALITZ, Die Laan 18.
HOOFFOTOGRAAF: MARIUS GREEFF, Van Riebeeckstraat 40. (Tel. 4349).
SUB-REDAKTEURS, NUUS: ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14 en COENRAAD PIETERSE, Eendrag.
SUB-REDAKTEUR, INTERUNIVERSITÊR: GERHARD BARNARD, Majuba.
SUB-REDAKTEURS, SPORT: ARI OBERHOLZER, Majuba; LE ROI STEENKAMP, Dagbreek.
SUB-REDAKTEUR, KUNS: PAUL CILLIERS, Dagbreek.
NUUSVERSLAGGEWERS: Francois van der Merwe, Ilse de Villiers, Anton Kruger, Pieter van Niekerk, Bennie Zietsman, Agnes Hager.
INTERUNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS: Johan Swarts, Anton Bruwer, Koos Sieberhagen, A.D. van Niekerk.
SPORTVERSLAGGEWERS: Kobus Basson, J.W. Loubser, J.P. Marais, Anne-Lise Lamont, Nico Roux, C. Eloff, N. Vlok, M. Fourie.
SOSIALE VERSLAGGEWERS: Mariette Streicher, Elbert Uys, Launa Marais, Im Naudé, Deon Roussouw, Michèle Alexander.
KUNSVERSLAGGEWERS: Maria Rautenbach, Morlette Lindsay, Japie Pienaar, Rachelle Greeff, Linda Jacobs, Willem Möller.
FOTOGRAWE: Martin Joubert, Wessie van der Westhuizen, Johan Mey.
SPOTPRENTTEKENAARS: Thomas Tyler, Koos van der Riet.
VERSPREIDERS: Nico Steyn, C.L. van Schalkwyk.
SEKRETARESSE: SANDRA VENTER, Mooi Annie. (Tel. 6523).

# uit die studenteraad

JOHN VAN BREDA BERIG:

DIE SR het die naweek van die agste tot die tiende 'n baie geslaagde toer na die kampusse van die Noorde onderneem. Nie net die kampusse van die UOVS, PU vir CHO, RAU, WITS en UP is besoek nie, maar daar is ook met sekere swartes van Soweto gesels.

### STRUKTURE

Die SR voel eerstens dat hulle in die lig van die ander kampusse se gestruktureerdheid sekere tekortkominge in eie geledere bespeur het. Dit het duidelik geblyk dat die strukture van die ander kampusse 'n groter status, gesag en erkenning verleen rakende onmiddelike studenteaangeleenthede. Die SR het dan ook op sy laaste vergadering (14/3/79) 'n mosie ingedien waarin 'n ad-hoc komissie aangestel sal word om die hele verkiesingstelsel, soos dit tans bestaan, te ondersoek.

### POLITIEKE LEIDING

'n Tweede aspek wat baie duidelik op dié toer na vore gekom het, was dat Stellenbosch t.o.v. politieke leiding en betrokkenheid die ander kampusse ver vooruit is. Al die ander kampusse, met die uitsondering van RAU, sien die funksie van die SR bloot in 'n administratiewe hoedanigheid. Hierteenoor beskou die SR hulself as verteenwoordigend van die studente-unie en besit ook 'n politieke mandaat om akademies-wetenskaplik-gefundeerde uitsprake oor politieke aangeleenthede te maak.


### AANMOEDIGING

*Die Matie* wil veral t.o.v. laasgenoemde sy vergenoegdheid teenoor die SR uitspreek en hulle aanmoedig tot steeds verdere leiding.

# KENNER GEE SY MENING OOR TOEKOMS

## MATIE – GESPREK

JOHN VAN BREDA GESELS MET



PROF. LOUW

JOHN VAN BREDA het met **prof. Mike Louw** (Staatsleer) oor die politieke situasie in Suider-Afrika gaan gesels. Prof. Louw het onder andere vanaf 1953 tot 1965 in die VVO diens gedoen. Sedertdien het hy reeds akademiese posisies aan die universiteite van Unisa, Wits en Pretoria beklee. Prof. Louw is tans tydelik aan die Dept. van Staatsleer verbonde.

*Sou u sê daar het 'n onoorbrugbare dooiepunt in die samesprekinge oor SWA ontstaan?*

Nee, ek sou nie sê daar het 'n dooiepunt ontstaan nie Moderne diplomasie werk juis op 'n verskuiwende dooiepunt. Daar bestaan vandag geen geval waar daar sprake is van 'n definitiewe dooiepunt nie. Diplomasie is 'n proses wat gedurig voortgaan. Ons kan geensins dink aan 'n grootskaalse oorlog nie en daarom moet onderhandelings altyd voortgaan.

*Watter faktore, sou u sê, speel 'n rol daarin dat dit oënskynlik lyk of Swapo die Weste aan die neus rondlei?*

Die Afrika-state het saam met die ander Derde Wêreld-state 'n oorheersende meerderheid in die VVO. Hulle erken Swapo as die enigste wettige verteenwoordiger van SWA. Daarom steun die meerderheid vir Swapo en kan die Weste nie lynreg teen die meerderheid van die stemme ingaan nie.

*Watter mate van legitimiteit sou u aan Swapo toeskryf?*

Eerstens sou 'n mens moet erken dat Swapo in die verlede 'n egte steun onder die Ovambo's gehad het. In dié sin sou ek van legitimiteit praat. Maar Swapo kan nie op dieselfde steun t.o.v. die ander volke staatmaak nie. Hier is dan beslis sprake van 'n gebrek aan legitimiteit en is die VVO verkeerd om hulle as die *enigste* ware verteenwoordiger te beskou.

Die steun vir Swapo het só verswak dat, indien hulle 'n verkiesing sou wen, hulle maar 'n baie marginale rol sou speel. Ek verwag egter dat die NNF 'n al hoe groter rol gaan speel. Dit kan gebeur dat baie lede van Swapo en die DTA na hulle sal oorloop en dat ons hier 'n sterker middelgroep sal kry.

Deurdat Swapo so sterk klem lê op geweld, sny hulle hul eie kele af, want vandag geld dit nie meer dat politieke mag uit die loop van die geweer kom nie. Hiervan is Frelimo 'n goeie voorbeeld. Machel het net vir reënseisoene gewag en tóe 'n paar skote op die Portugese geskiet. Sy oorwinning het hy eerder behaal a.g.v. die interne rewolusie, maar ons kan nie sê dat hy die mag bekom het deur 'n oorlog nie. Swapo sal dus 'n ander manier moet vind om tot 'n vergelyk te kom.

*Wat Suid-Afrika betref. Hoe sou u sê moet ons oor die diskriminerende maatreëls, wat ons buitelandse beeld skaad, in ons maatskappy oordeel?*

Hierdie diskriminerende maatreëls beskou ek bloot as tydelik. Omdat die blanke meer verwesters is as die swartman, en vooruitgang noodwendig verwestersing beteken, het ons tydelike maatreëls nodig om die verkeer en interaksie tussen die verskillende bevolkingsgroepe te reguleer. Hierdie maatreëls is dus glad nie 'n permanente deel van ons politieke filosofie nie. Daarom voorsien ek ook *geen* probleem dat die blanke en die swartman in die volgende geslag of twee mekaar volkome in 'n nuwe bedeling sal vind nie. Al die stories van 'n rasse-oorlog is blote onsin.

Die Afrikaner lyk oënskynlik na 'n stoere en onbeweegbare mens, maar as dit by onderhandel kom, staan hy vir niemand terug nie. Daarom kan ons die diskriminerende maatreëls bloot as tydelike maatreëls beskou wat gaandeweg sal verdwyn en plek sal maak vir 'n nuwe bestel.

*Sou u 'n tipe van 'n konfederale of federale stelsel t.o.v. die tuislande in die toekoms voorsien?*

Ja, baie beslis. Dit is natuurlik die groot swakpunt van die NP-beleid. Hulle hou op by die vrywording van die tuislande. Die NP sit nog te veel in die Verwoerdiaanse era vas en het 'n ernstige tekort aan 'n duidelike toekomsvisie.

Dit is heel moontlik dat die state ná onafhanklikheid hul interafhanklikheid sal besef en sal begin by 'n konfederale stelsel soos die EEG. Na mate die markmeganisme ontwikkel en die verskillende volke in politieke sofistikasie toeneem, kan daar na 'n federale stelsel oorgegaan word. Wat die NP sal moet besef, is dat die onafhanklikheidswording nie die alfa en die omega is nie en dat hulle 'n baie duideliker toekomsvisie sal moet ontwikkel.

*Hoe sou u die politieke bewussyn en meelewendheid van die Afrikanerstudent met dié van die studente oorsee, met wie u in aanraking gekom het, vergelyk?*

Dit is regtig baie onrusbarend. In terme van politieke sofistikasie is die Afrikanerstudent nog 'n kind. Ons studente stel nie werklik belang in politieke denke nie. As dit kom by slagkrete en die retoriese uitinge vaar hulle baie goed. Ons studente is in die eerste plek baie sku vir 'n ware politieke debat en die argumente wat wel op sulke debatte gebruik word, is van 'n baie lae gehalte. Daar is geen vergelyking met byvoorbeeld die studente van die VSA nie. Daar is 'n groot tekort aan eie selfstandige en kritiese denke, want ons studente aanvaar eenvoudig die politiek. En dit wek beslis groot kommer

# SR's byeen op US : Klem op Dialoog

OP 'n nasionale SR-voorsittersvergadering wat Saterdag 10 Maart op die kampus van Potchefstroom gehou is, is Stellenbosch as gasheer van die jaarlikse Studenteraadskonferensie aangewys. Die SR-voorsitter, mnr. Jan de Wet, sê dat besluit is om die klem vanjaar op dialoog te laat val en nie soseer op die bereiking van konsensus of besluitname nie. Die konferensie sal vanaf 4 tot 9 Julie plaasvind en elke universiteit sal 'n maksimum van 15 afgevaardigdes stuur. Onderwerpe wat bespreek sal word is o.a.: Ras, etnisiteit en identiteit; Feminisme; Opvoeding; die relevansie van wit politiek in S.A. en die rol van Studentebestuursliggame.

# EERSTEJAARS REDENEER LEWENDIG

**DIE** jaarlikse redenaarskompetisie vir eerstejaars is op 15 Maart in die SR-raadsaal gehou en Jacques van Schalkwyk van Dagbreek het as oorwinnaar uit die stryd tussen die 22 deelnemers getree.

### ONDERWERPE

Suid-Afrika se binnelandse probleme en kommunisme het die meeste inspirasie vir die deelnemers, wat hul eie onderwerpe kon kies, verskaf. Diere mishandeling en die opleiding van lewensredders is ook bespreek. Die dertig toeskouers was sekerlik die meeste geboei deur Pieter du Toit van Eendrag se onderwerp: "Eet jou Rape eerste". Die wenner het oor die Kruispadvraagstuk gepraat. Die tweede plek is gedeel deur Pieter van Niekerk van Wilgenhof wat oor Tuislandkonsolidasie gepraat het en Aletta Dijksterhuis van Huis de Villiers met die onderwerp "SA het 'n reuse-taak, want die nasie word aan die hoogste toets van herskepping d.m.v. allerlei konstitusionele voorstelle onderwerp."


### UITDUNRONDTE

'n Uitdunrondte is gehou tussen die drie uiteindelike wenners, Sarita Hauptfleish van Harmonie en Helene Truter van Serruria. Elkeen moes twee minute lank onvoorbereid oor "Vrouregte" praat.

### BEOORDELAARS

Die beoordelaars was dr. P.G.R. de Villiers en Adriaan Haasbroek, 'n lid van die Debatsbestuur. Hul vernaamste kritiek was dat die deelnemers te dikwels slagspreuke sonder motivering gebruik en dat hulle sonder genoegsame verband na Christelike beginsels verwys. Die aand is op gesellige wyse met 'n kaas-en-wyn-onthaal afgesluit.

## *Wenners*



*Die flinkste jong redenaars op die kampus. Die onlangse redenaarskompetisie vir eerstejaars is gewen deur Jacques van Schalkwyk van Dagbreek (links). Pieter van Niekerk van Wilgenhof (middel) en Aletta Dijksterhuis van Huis de Villiers was gesamentlik tweede.*

# INTEKENVORM

Ek sal graag wil inteken op *Die Matie* in 1979

Naam ..........................................................

Adres ..........................................................

(Stuur inskrywingsvorm tesame met 'n tjek/posorder vir R3 aan: Die Redakteur, *Die Matie*, Langenhoven-sentrum, Stellenbosch, 7600.)

# REDAKTEURS NIE NA KONFERENSIE

## *ASPU — Besluit Duister*

**Die Publikasiekomitee van die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch het die volgende persverklaring oor die besluit van ASPU dat hulle nie hul individuele koerante na die Nasionale Redakteurskonferensie sal stuur nie, uitgereik:**

NS neem met spyt kennis van die besluit van ASPU om nie hul koerante toe te laat om die konferensie by te woon nie. Vervolgens wil ons die volgende standpunte stel as dié van die organiseerders van hierdie konferensie:

1. Die beswaar oor 'n gebrek aan tyd vir voorbereiding dra onses insiens nie veel gewig nie. Die omvang van die vereiste referate vir so 'n konferensie is nie van so 'n aard dat dit meer as 'n week se voorbereiding verg nie. Trouens, ondervinding het geleer dat sodanige voorbereiding nouliks meer as 'n dag in beslag hoef te neem.

2. Die organisaseerders wil ook daarop wys dat daar reeds drie weke voor 1 Maart met die verskillende koerante in verbinding getree is en dat hulle dus van die konferensie geweet het. Kennis is toe reeds gegee aan 'n gedetailleerde program wat later gestuur sou word. Reaksie is uit verskeie oorde ontvang dat redakteurs sou kom. Die gedetailleerde brief is op 6 Maart uitgestuur, met ander woorde, byna drie weke voor die konferensie.

3. 'n Verdere probleem volgens ASPU is dat al hul lede nie uitgenooi is nie, en dat die hoofbestuur ook geen kennisgewing ontvang het nie. Laasgenoemde beswaar druis in teen die beginsel dat dit 'n studentekoerant-redakteurskonferensie is: Die volgende koerante is genooi: *Die Perdeby, Die Naguil, Trompie, Die Wapad, Studentekoerant; O.K.P.* (Potch), *Heraut, Wits Student, Studentekoerant; G.O.K., Dome, Dokkieblad, Nux, Rhodeo, Upen, Ararat, Katarsis, Die Wynstok, Irawa, Studentekoerant; B.O.K., Die Matie, Varsity* en die *Studentekoerante* van UWK, Fort Hare, Durban Westville, Kwa-Zulu en Universiteit van die Noorde.

4. Dat ASPU nou probleme het met die bestaansreg van die konferensie, is onverklaarbaar, aangesien hulle dit self voorheen aangebied het en verlede jaar se konferensie in Pretoria veral baie vrugbaar was.

5. Gesien teen die agtergrond van 'n vorige krisis, toe ASPU nie 'n voorgestelde seminaar in Port Elizabeth in 1977 wou bywoon nie, om basies dieselfde redes as wat vir hierdie geval geld, het die publikasiekomitee 'n suspisie dat ASPU met 'n ongelukkige spel is en word derhalwe van hulle verwag om hul posisie en gesindheid so spoedig doenlik volledig uit te spel.

6. Die voorneme om as passiewe waarnemers na die konferensie te kom, is onses insiens 'n sinlose bymekaarkom.

7. Laastens wil ons dit stel dat daar verlede jaar ooreengekom is dat vanjaar se konferensie voor die April-vakansie van Stellenbosch sal plaasvind. Daarom is ASPU se aansoek om uitstel van die hand gewys, asook om praktiese redes.

# *HERFSSKOOL: REKENSKAP OOR 300 JAAR*

**DIE** Universiteit het 'n baie gepaste tema vir sy jaarlikse Herfsskool geskies: STELLENBOSCH 300 JAAR; 'N REKENSKAP. Die Herfsskool word van 9–11 April in die Nedbanksaal in die C.G.W. Schumann-gebou gehou.

Die onderafdelings van die tema is uiteenlopend, maar handel hoofsaaklik oor tegnologiese, huishoudkundigewetenskaplike en geesteswetenskaplike onderwerpe. 'n Nuwigheid is dat daar vanjaar ook van studentesprekers gebruik gemaak word.

### INSKRYWING

Die kursusgeld is R15 vir die volle kursus of R1,50 per sessie. Studente betaal egter net 50c per sessie. Navrae en inskrywings kan by die organiseerder in kamer 224 in die Administrasiegebou gedoen word. Posinskrywings word ook aanvaar, maar dan moet daar duidelik aangedui word vir watter lesings ingeskryf word.

## *Neem Kennis*

**DAAR** het weer 5 vakatures in die redaksie van *Die Matie* ontstaan.

Aansoeke vir die volgende poste word ingewag:

3 Nuusverslaggewers
2 Sportverslaggewers
2 Interuniversitêre verslaggewers

**Aansoeke wat vroeër vandeesmaand ontvang is, sal weer in aanmerking kom. Die sluitingsdatum is Vrydag 30 Maart.**




# perspektiewe en dinge

**ELKE gemeenskap wat sy sout werd is, gaan gebukkend onder 'n immer wisselende siklus van modegrille en statussimbole. Stellenbosch, self, staan krom as dit by giere kom.**

Jongmense hou van dinge wat snaaks en nuut is – hulle word aangegryp deur 'n mode, klou daaraan vas asof hul lewens daarvan afhang en los dit dan soos 'n warm patat as dit afgesaagd raak. Hoe snaaks; die rubriekskrywer vind dit eintlik 'n teken van verveeldheid.

### SPEKTAKELS

Kyk maar 'n slag na *die Stellenbosse Student* van vier tot vyf jaar gelede. Mens lag soms oor die spektakels wat mense destyds van hulself gemaak het. Binne enkele jare verander alles; in daardie tyd het die meisies nog met kniewys rokkies rondgeloop en al wat mansmens was, het boordjieraakbakkebaarde en bossies-hare gehad.

Sowat twee jaar gelede, toe die rubriekskrywer ook in Stellenbosch aangeland het (amper soos Jan van Riebeeck met sy drie skepies in 'n vreemde land), moes hy tot sy spyt ontdek dat die dames, kuis gekleed in knielengte rompe, hul "en masse" gewaag het op hoë houtklompe. Vir 'n kort mannetjie soos hy, het dit heelwat probleme geskep; menige skoonheid was eenvoudig te hoog vir sy vuurmaakplek (as u sou verstaan wat ek met vuurmaakplek bedoel – dit het niks met Bols te doen nie, hoor). Die lang rokke het natuurlik ook nie veel bygedra om sy uitsig te verfraai nie (gesien in die lig van die relevansie tussen sy uitsig en sy lengte).

Die statussimbool van daardie tyd was 'n Ditsem Datsem. Hulle noem dit mos self-ekspressie – dis nou al die strepe en gedoentes waarmee die motors destyds beplak is. Snaaks dat die fabriek steeds die patrone en kleure van die plaksels vervaardig het. Die persoon wat begerig was om sy persoonlike stempel op sy tjorretjie af te druk, was steeds beperk tot 'n aantal ontwerpe waaruit hy kon kies. Oor tien jaar of so sal ons darem kan sê dat die motor (indien dit op daardie stadium nog nie 'n wrak is nie) uit die 1977-78 era dateer.

**Wat van die hede? Vandag dra die meisies sulke lae ampersandale. Mens wonder hoe dikwels daar na die skoenmaker gegaan moet word vir versolings.**

## kobus pienaar

Korter hare vir die sterke geslag lyk ook al hoe meer na die mode van die tyd. Die haarkappers sal weer breed kan glimlag as die pot-op-die-kop-opskeerstyl ons weer gaan aangryp. Ons sôldate sal sekerlik ook nie kla nie. Die ouens met die melkbaarde juig steeds oor die verdwyning van die bekende ou "saaidies", al is dit ookal etlike jare vergete.

Ag daar's baie statussimbole wat van ons slawe maak. Dink net aan die gier om 'n *cheese lunch* by die Lanzerac te nuttig. Iets nuuts moet net skielik sy opwagting op Stellenbosch maak en bogenoemde hotel sit met 'n klomp opgehoopte kaas vir die res van die jaar. Dink net aan die gril om die *Conserve* oor 'n middaguur te besoek en dan daaruit te stap met allerhande lofwoorde oor die uitvoering, net omdat dit die gewoonte is. Dink maar aan die ouens wat deesdae so windmaker rondry met dakrakke – dis nou om te wys dat jy 'n paddle-ski (nie 'n surf-board nie) het.

Wat dan nou van die res van 1979? Laat Siener Pienaar sy voorspelling waag. Stenig my maar as ek verkeerd is. **Vir die uithangers sal 'n seisoenkaartjie op die Danie Cravenstadion 'n móét wees (net jammer daar is nie sulke private losies waar mens jou gaste volgens die ware Inligtingtradisie kan ontvang nie)** 'n Tweede simbool van status sal die besetting van een van die balies by Dan's wees. Dit is nou die nuwe restaurant wat op die oomblik in Van Ryneveldstraat oopgemaak word. Voornemende advokate sal sal hul ure daar omsit, net om te voel hoe dit is om toegelaat te word tot die balie. Die derde ding wat status gaan meebring is fietsuitstappies vir twee. 'n Piekniekmandjie is natuurlik deel van die prentjie. Dit gaan mode word om te lyk of jy petrol bespaar. Vir hierdie statussimbool is dit egter 'n vereiste dat Stellenbosch reeds goed bekend moet wees met die sportmotor wat vir die dag by die huis gelos word.

Die rubriekskrywer beskou die briewebladsy in *Die Matie* altyd as 'n wonderwerk. Briewe kom uit alle oorde, handel oor talle uiteenlopende onderwerpe en gaan dikwels gepaard met die allervreeslikste skuilname. Ek wónder hoekom dit so is. Is ons dan bang dat *Die Matie* ons regte naam verkeerd sal spel, of is ons bang dat iemand na ons die vinger kan wys en sê: "gekke en dwase skryf hul name op papiere en glases"?

*Die Matie* kry gereeld sulke dik verslae, dokumente, geskrifte en soms hiërogliewe waarvan die ondergetekende name telkemale ook lyk asof dit uit die Egiptiese tydperk opgediep is.

**As Van den Bergh of Rhoodie tot nog toe nie in 'n motorongeluk "geillimineer" is nie, kan u, my liewe lesers, verseker wees dat niemand enigiets sal oorkom as hy sy naam onder sy standpunt teken nie.**

Dit lyk vir my of Radio Matie se mense ook taamlik sku is vir hulself. Ons sal dalk 'n mosie moet indien by die Studente Parlement dat sy aandeelhouers (soos in die geval van die Engelstalige pers) bekend gemaak moet word. As 'n SR-lid en die redakteur van *Die Matie* reeds onder skuilname uitsaai, wonder mens wat aan die gang is. Sekere omroepers sny weer hul baarde af terwyl ander so stilweg en yl-yl besig is om hulself met kenbesems te vermom. Ek wonder maar net as ek al hierdie metamorfoses en dinge so raaksien.

### REISENDE SR

Die Studenteraad parkeer glo deesdae op die staanplekke vir besoekers – dit is nou by die L.S.S. Vir die haastige manne is dit blykbaar gans te tydrowend om tot in die kelderverdieping van die sentrum te ry.

**Miskien is daar 'n ander verklaring vir hierdie rare verskynsel. Die SR is in die laaste tyd so besig om rond te reis tussen die verskillende kampusse, hetsy om 'n konferensie by te woon of 'n SSD-kamp of 'n informele, amptelike besoek, dat mens met reg van hulle kan praat as kuiergaste op hul eie kampus. Miskien sal die universitiet in die toekoms moet dink aan 'n spesiale kuierkursus vir die jet-setters onder ons.**

# Muggies in die Neus

DIT is Saterdag 01h39. Vlotte lê mank en vergete teen koshuismure. Dit was karnaval.

'n Eensame figuur hou wag op die woonstelbalkon drie verdiepings bo die teerlaag van die parkeerplek. Die maan ry oor vier wolke en skielik het hy dit. Hennie Thom skakel die mikrofoon in sy hand aan en sê sag: "Die kultivar lê soos aktinoterapeutiese genesings in die glas en die tonikum akselereer tot 'n passie. "Hy skakel dit weer af en glimlag met die maan. *Dat soveel skeppingskrag in een mens gesetel moet wees, is 'n onreg deur die natuur gepleeg,* skryf hy later die nag aan sy fiktiewe penmaat.

Richelieu Craven lê met toe oë en sy hemp omraam die harige borskas en Skoon Huid se handjie. Sy sukkel met die laaste akkoord en begin weer voor. Daar het sy dit nou; dis die B-mol wat haar uitgegooi het en sy mag dit nie vergeet nie – sy speel Maandag in die etensuurkonsert. Sy oefen dit 'n paar keer en sug tevrede. Richelieu Craven vou sy twee massiewe hande om haar kop en trek dit nader onder sy een blad. Hy stamp twee man af en duik oor. Hulle sal definitief die sportbeurs moet verdubbel. Hy het juis op die agterblad van die *Apatie* gelees dis die rede hoekom ons nie meer die atletiek wen nie en hy wil tog nie hê dat rugby dieselfde moet oorkom nie.

Jan Unus en sy kamermaat snork albei liggies op hulle twee eenderse bedjies in hul koshuis wat nie vandag die vlotoptog kon wen nie. Jan beleef weer die *fantastiese gees van so 'n vrolike klomp jong studente* en hy sien 'n oomblik sy pa dit sê. Maar iewers diep in Jan se onderbewussyn begin vrae roer sodat hy omrol en die tasvlek donker op sy karnavalbors lê.

Colin Liber sit vanaand in Rondebosch langs 'n fondu-pan. Hy krap 'n vleisvesel tussen sy tande uit en spoeg dit argeloos links van Karl Marx se dik boek verby. Vanaand voel hy mens en dink vervaard oor Richard Wurmbrand se pyn. Hy dink terug aan sy ongelukkige kinderdae. Hy was klaskaptein in st. 2 en het 'n belowende toekoms voor hom gehad as ondersteuner van die *establishment.* Maar toe moes dit so gebeur dat dit nie hy was wat op die ongewildste onderwyser se motorsitplek gemors het nie. Daardie aand het hy 'n groot sondebok geteken soos dié van die Israeliete van ouds. Elke oggend het hy 'n groot Sondebok gekyk en 'n rebellie beloof. Hy sou by die standerd eens begin. Vergaderings is gedurende die langpouse agter die houtwerkklas gehou. Dieselfde gedagtes wat tevore die Franse tot 'n rewolusie gedwing het, het spontaan oor die jong Colin se lippe gevloei. Almal se toebroodjies is tot presies dieselfde grootte gesny en eers dan kon almal eet. Die afval is in klewerige balletjies gerol en laat droogbak as ammunisie. Die arsenaal het gegroei totdat die gewig te veel geword het en dit een Maandagoggend onder gebed met die skeur van plastiek op die verhoog geplof het. Die volgende dag was daar 'n foto in die koerant van derduisende klipharde broodballetjies en die oorsprong is as onbekend aangedui. Die twyfelagtige soet smaak van oorwinning het van Colin gemaak wat hy vandag is – ondersteuner van die Amptelike Proposisie.

Die bedlampe verlig die kamer amper nie. Die vol asbakkie waarin hy sy pyp uitkap, loop oor op sy dagstukkiesboek. ACS Veldman is vanaand 'n teleurgestelde man. Wat lê daar nog vir hom voor? Die Permissiebond het nou die dag die saak bespreek en volgende jaar is hy by die Kwekery. Hy sal 'n brief móét skryf. Studente moet leer om dronk te word van vreugde. Hy wat ACS Veldman is, het nou raad en bystand nodig. Toe hy die koelkas oopmaak, laat die skielike wit lig hom huiwer, maar hy vat tog die blikkie, knak die ringetjie en voel die koue prikkels op sy tong. Hy skakel die bedliggie af en sak weer op die stoel neer en sug. Die volgende oggend sou hy wakker word met 'n stywe nek.

Piet Potlood lê op sy bed en dink. In die nanag begin dit reën sodat die kerkgangers in die oggend oor baie erdwurms loop.

**Pieter Marais**

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



In sy soeke na 'n bevredigende geloofslewe vind die mens dit moeilik om die beeld van sy God met sy praktiese geloof te verenig omdat God in twee kontrasterende beelde in die menslike denke gemanifesteer word.

Om God te sien in die vae beeld van **middelpunt en omtrek van die geloofsverlange** en hierdie beeld te probeer kombineer met **God as 'n emosievolle persoonlike God met 'n wil,** is beide moeilik en frustrerend. Dit lei tot die gevaar van ongeërgde onverskilligheid teenoor die groot waarhede omtrent God: Sy alwetendheid, almag, alomtrenteenwoordigheid en tydloosheid. Hierdie Godseienskappe word ligtelik aanvaar, sonder die uitlewende bewustheid daarvan in die daaglikste lewe op kampus.

Slegs by die voortdurende reële besef dat Hy my in my studeerkamer sien, Hy my daagliks onderhou in hierdie aardbolwêreld, Hy my lewe van geboorte tot dood monitor, kom God in Sy oneindige mag en liefde te voorskyn, en word die twee kontrasterende beelde versoen.

**ANDRIES CALITZ**

# The other side of the mountain (14)

*You praise the restraint with which they write*
*I'm with you there, of course*
*They use the curb and the bit alright*
*But where's the bloody horse?*

Roy Campbell's
*"on some South African Novelists"*

Sisyphus strains his eyes. He is looking out for those elusive creatures: South Africa's novelists and poets. Scotch mist!

Suddenly a dark horse bursts throught the murk. The power in his limbs is evident; the deep devouring eyes are similar to those of the rider – N.P. van Wyk Louw. Close behind comes a unicorn; gangly, unreal, it is still impressive. On the saddle sits Breytenbach. Then slowly a host of Afrikaans ponies becomes visible and Sisyphus can pick out the individual talents of Elsa Joubert, Etienne le Roux and Chris Barnard.

He is disappointed. He was hoping to find at least a few English-speaking writers among their number. As he turns to leave, he hears a frightful racket. Here they come at last; the horses of the Apocalypse neighing their hearts out. Here a nag, there a nag, everwhere a nag. Nag, nag, nag!

Up front one can see the gently chiding Guy Butler, the loud raucous Gordimer, the insipid Stephen Gray and at the tailend Sipho Sepamla on a skeletal horse waving the banner of death. Hold your horses, Sisyphus, (oh witty! ) What exactly is the meaning of this little picture that you are drawing? But Sisyphus is enjoying himself in this splurge of punning and metaphor –

"The trouble with these horses is that they were conceived on Patmos: a barren island covered in guano." He sighs; it is time to become serious.

"It's a question of ivory towers and bad faith. In exile Campbell and Gordimer thought it fit to write about a country which they had deserted. In his descriptive poetry and in her *purple passages* they show a feel for the land, but their continually abusive attitude towards the whites in this country, they show that they neither care for, nor understand them. What makes Dickens a great writer is not so much the caricatures he ironically sketched, but the people and situations he portrayed with compassion. When Gordimer characterizes our cities as places of fear – fear of black consciousness – she is telling a lie. In self-consciously adopting the role of a social critic, she loses literary stature. It is not that she suggests that we are sitting on a time bomb that irks me, but rather her habit of making her white characters paranoically aware of it. The truth of the matter is that we are only vaguely aware of the discontent and seething spirits in the townships. Apartheid has been effective. She and others are forever stressing the *guilt* of our situation, and our *colonizer attitudes* while glossing over our *sunshine, braaivleis and Chevrolet* bonhomie. That there is a sickness in a superficial society of this kind, is obvious, but why sacrifice the complex truth for a single-minded bias?

"This brings me to Guy Butler and his theory that *self-awareness goes hand in hand with discovery of others.* Well and good, but who are these "others"? Are they the people one has lived with all one's life; eat, drunk, and slept with? Or are they people from an alien culture slowly seeping into ours and ours into theirs? And if it is the latter, does Mr. Butler think that our *uncommon* humanity can be bridged by the thin lines of poetry, when we have yet to come to terms with our own society? Besides, we are not meditators between the ghouls of Afrikaner and African nationalism; a title which would suit the Coloured people far better than us. We are part and parcel of the apartheid establishment.

"Stephen Gray is hardly worth a line; anyone watching T.V. over Christmas must have shared my embarressment when he recited his Christmas poem with its puny political rabbit-punch at the end. The same applies for Sepamlo and the other black poets who are content to trade in on their bitterness. NUSAS has done itself a disservice by wanting to replace in our education, the works of Lawrence and Shakespeare for those of Mtshali and Sepamlo. Without denying that these might offer an insight into the African mentality, I maintain that they are not used as a Social Service Station where in every department students minds are filled with thoughts of the poor and oppressed" Tirade over, Sisyphus regains his good humour: *A horse, a horse, my kingdom for a horse!*

**JOHN McCALLUM**

# Nusas : Volle waarheid word nie aan Stellenbosch vertel

DEUR FRANS ROELOFSE

DIT is nou al vir ons almal duidelik dat die nuwe Suid-Afrika van die laat jare tagtig van ons almal veel opofferings en aanpassings sal eis. Die projeksies van die vroeë sestigerjare is hopeloos uitgedien en die nuwe Suid-Afrika sal in die terme van daardie jare rewolusionêr wees. Ons kan ons hiervoor liewer met optimisme en ywer gereedmaak, eerder as om viervoet vas te steek in die spore van die ou Suid-Afrika. Vir die huidige het die verandering hom grootliks geopenbaar in die denke van invloedryke Afrikaners en 'n groot deel van die gewone Afrikanergemeenskap.

In hierdie tyd het ons veral nie uitgediende organisasies met 'n baie eng ideologiese doelwit nodig nie; veral nie as so 'n organisasie 'n baie beperkte magsbasis het nie. Dit is ongelukkig so dat Nusas 'n organisasie is wat ondersteun word deur net 40% van die Engelssprekende studente op geaffilieerde kampusse. Verder het die Swart studente die organisasie al aan die begin van die jare sewentig verlaat en is groepe gematigde studente binne Nusas besig om hulle van hierdie organisasie te distansieer. Nusas het ook geen formele verteenwoordiging op Afrikaanse kampusse nie.

### DEURSIGTIGE POGING

In die lig hiervan moet Nusas se deursigtige poging in die onlangse weke op hierdie kampus beoordeel word. Die organisasie probeer sy kwynende aansien en magsbasis verbreed deur 'n vereniging op Stellenbosch te stig. Die President van Nusas, mnr. Auret van Heerden, het aan sy Stellenbosse gehoor Nusas se sogenaamde nuwe benadering voorgehou. Die kongres van verlede jaar waar beleid vir 1979 aangeneem is toon egter geen sodanige benadering aan nie en die Nusas hoofbestuur het op 'n onlangse formele ontmoeting met die skrywer hierdie "nuwe benadering" as totaal onwaar verwerp. 'n Mens sou dus nie soveel beswaar hê as die organisasie daarin sou slaag om steun op Stellenbosch te verwerf as hulle die volle waarheid aan ons sou voorhou nie. **Maar nou het hulle met 'n deursigtige poging gekom om studente onder valse voorwendsels oor te wen na Nusas.**

Ek raak kortliks 'n paar probleemgebiede aan:

1. Struktuur: Hierdie organisasie glo aan die vrye assosiasie van persone en groepe, maar laat lede van die studente unie van geaffilieerde kampusse nie toe om hulle in die openbaar te disaffilieer van Nusas nie. Nie eers die ASB het meer hierdie stelsel nie.

2. Nusas verskaf 'n platform vir intellektuele en akademiese gesprekke maar laat slegs ver linkse en liberale sprekers toe. Op 'n vraag hoekom hulle nie ook ander sprekers toelaat nie, het die president geantwoord dat hulle nie in die mense se standpunte belangstel nie. Dit dui op 'n ongesonde eng en propagandistiese benadering wat nie eers meer deur 'n basies konserwatiewe organisasie soos die ASB aangehang word nie. Die ASB het in die onlangse jare as algemene beleid aanvaar dat alle verskillende standpunte van hulle verhoog af gehoor moet word.

### AKTUEEL

3. Die swart studente het Nusas reeds in 1970 verlaat omdat daar ernstige verskille ontstaan het. Nogtans het Nusas sy eie onafhanklike doelwit vir 'n toekomstige Suid-Afrika geformuleer en nou verwag hulle, sonder enige konsultasie, dat ons almal in hulle nuwe Suid-Afrika moet inpas. Indien daar nie ontevredenheid onder studente bestaan met betrekking tot die huidige stand van sake nie, is dit mnr. Thompson se standpunt dat "dissatisfaction has to be sown". U kan dus die onbevredigende werkswyse van hierdie organisasie aflei. Verder het Nusas se hoofbestuur op die onlangse kongres 'n noodsituasie in die projekte komitee afgekondig en hul eie vooropgestelde plan ingedien. Dit maak dus die beginsel van vrye determinasie enigsins belaglik en laat die Nusas-kongres na 'n rubberstempel vir die Nusas-elite se doelwitte lyk. Dit is jammer dat die organisasie sy geloofwaardigheid met hierdie tipe optrede inboed.

4. Nusas het nog altyd hewig beswaar gemaak teen sensuur, maar nou weier die organisasie gereeld dat konserwatiewe studente organisasies hulle publikasies op die Nusas geaffilieerde kampusse versprei. Op 29 November 1978 het 15 Nusas-lede die vergadering verlaat omdat hulle afwykende standpunte nie binne Nusas geduld is nie. Hulle beskuldig gevolglik die Nusas hoofbestuur in *The Argus* van 29/11/78 van outoritêre optrede "resulting in a consequent monopolisation of skills". Maar in dieselfde asem trek Nusas te velde teen die inperking van mej. Laura Levetan.

5. Uit verskeie Nusas publikasies is dit duidelik dat die organisasie 'n neomarxistiese ekonomiese en samelewingstruktuur voorstaan. Die gevolge van die implementering van so 'n beleid sal vir Suider-Afrika tragies wees. U kan gerus die publikasie oor "The concepts of a revolutionary society" lees, waar Angola, Mosambiek en Tanzanië as die ideaal voorgehou word. In hierdie verband het 'n geswore liberale lid van Ikeys se SRC. Hugo Hamman verlede jaar die Nusas leiers as skynheilig en uit voeling met die werklikheid beskryf en hulle kommunisties en sosialisties genoem.

Die vereniging wat egter verlede week gestig is, *Fokus op Afrika aangeleenthede*, wat ten doel het die objektiewe beskouing van politieke stelsels en die toepassing daarvan in die praktyk is egter 'n prysenswaardige poging – as die vereniging by sy doelstellings, bly. Dit dui aan dat hierdie vereniging wat deur Nusas ondersteuners gestig is, hulle nie gebonde gaan hou aan die eng ideologiese oogmerke van Nusas self nie.

Dit is egter nou van dringende belang dat studente van alle tale en rassegroepe sal saamkom in 'n alliansie waardeur die billike aspirasies van studente geformuleer en oorgedra kan word aan die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap. Dit behoort nou ons hoogste prioriteit te wees, maar sal vir Stellenbosch as 'n Afrikaanse kampus bykans onmoontlik wees om te bereik as ons nie eers gedeeltelik by die ASB geaffilieer is nie.




*'n Verkragte beginsel?*

# ASVS WIL HERAFFILIEER

DIE ASVS-bestuur het vandeesweek besluit dat SR-affiliasie by die ASB wenslik is. Die redes vir die beslissing is as volg:

1. Sentrumaffiliasie bestaan nie meer nie.

2. Stellenbosch kan die ASB as platform meer effektief benut as wat tans deur vereniging-affiliasie die geval is.

3. Stellenbosch kan met 'n groter getal afgevaardigdes op die ASB-kongres meer sinvol bydra tot beleidsvorming binne die ASB.

4. Die ASB-hoofbestuur slaan 'n nuwe rigting in ten op sigte van formele en informele kontak met Nusas en andersgekleurde universiteite en instansies.

5. Die ASB poog in die afgelope paar maande, deur die daarstel van ASBeeld, byvoorbeeld, om debat en kritiese denke binne die ASB, self, te stimuleer.

6. Daar bestaan laastens geen ander oorkoepelende studente-organisasie buiten Nusas en die ASB nie.

Bostaande mosie is aangeneem o.a. na aanleiding van mosies i.v.m. die ASB en 'n alternatiewe studente-organisasie, wat op die komende Studente-Parlement-byeenkoms ter tafel gaan.

Die bestuur het duidelik aangetoon dat hierdie slegs in beginselmosie is. Enige inisiatief t.o.v. heraffiliasie moet van die kant van die studenteraad kom.

Mnr. Gerhard Barnard, voorsteller van die mosie, het gesê dat die ASB nie gesien moet word as 'n "doel in sigself" wat bereik moet word nie, maar vir die huidige slegs 'n "middel tot 'n doel" is, waardeur Stellenbosch bevry kan word van sy geïsoleerdheid veral op studentpolitiese terrein.

## Neem Kennis

USKOR beplan 'n prestige-publikasie in die formaat van die *Stellenbosse Student.*

**Aansoeke om die volgende poste op die redaksie word ingewag:**

1 Assst.-Redakteur
1 Subredakteur (Artikels)
1 Subredakteur (Agtergrondsgeskiedenis)
1 Subredakteur (Statistieke en tabelle)
1 Fotograaf
1 Sekretaresse
1 Sakebestuurder

Rig aansoeke aan:
Die Voorsitter
P/a Die Direkteur
USKOR
L.S.S.
STELLENBOSCH
7600

Die sluitingsdatum vir aansoeke Vrydag 23 Maart om 12h00.

**HAUM**

*Die student se boekwinkel*

**Trustbankgebou**
**Andringastraat**
**Stellenbosch**
**7600**
**Posbus 343**

**TEL. 4440 2906**

# BETER SKAKELING TUSSEN KAMPUSSE NOODSAAKLIK

KOMITEE VIR POLITIEKE STUDIES

NIEMAND wat realisties is, sal nie ontken dat interuniversitêre skakeling noodsaaklik is nie. In ons dag is dialoog en oopgesprek tussen verskillende groepe 'n noodsaaklikheid, die rede is dat elke groep en universiteit voortdurend moet waak teen verenigde en eensydige standpuntinname. Die waarde van interuniversitêre skakeling is veral geleë in die feit dat al die universiteite 'n beter perspektief op sake kry.

Indien ons dus aanvaar dat interuniversitêre skakeling 'n noodsaaklikheid is, is die volgende stap om te kyk wat die beste moontlike wyses van skakeling is. Hier is verskillende moontlikhede: **Eerstens is daar SSD-kampe wat gereël word vir alle Afrikaanse kampusse.** Dit funksioneer op dieselfde basis as US-gesprekskampe. Hoewel dit 'n vorm van sinvolle skakeling is, is die groot nadeel dat daar geen kontinuïteit is t.o.v. temas of deelnemers nie. Daar kan dus geen beplande gesamentlike optrede wees nie.

**Tweedens is daar die leierskapskonferensie vir studenteleiers van Suid-Afrikaanse universiteite wat eers bekend gestaan het as die studenteraadskonferensie.** Hieruit kan 'n meer uniforme optrede spruit weens 'n groter mate van kontinuïteit.

**Derdens is daar die moontlikheid van 'n interuniversitêre organisasie soos die ASB en Nusas.** Albei hierdie organisasies het die voordeel dat dit debat stimuleer wat op 'n georganiseerde wyse funksioneer. Albei kan dus gesien word as 'n tipe van denkskrum waar verskillende standpunte wedersyds geslyp word. Indien daar nou 'n keuse gemaak word tussen hierdie organisasies is 'n belangrike kriterium die uitgangspunt van elke organisasie. Dit is belangrik omdat 'n universiteit verbonde is aan 'n bepaalde gemeenskap en dus baie goeie oorweging moet skenk aan die vraag of sodanige standpunte versoenbaar is met die karakter van die universiteit en van die gemeenskap waaruit dit gevoed word.

### EFFEKTIEWE LEIDING

Dit is die taak van elke student om oor bogenoemde te besin, want dit het duidelik geraak dat Stellenbosch alleen langs hierdie weg effektief leiding kan gee op interuniversitêre vlak. Die SR sal self moet besin oor die meriete van die twee studenteorganisasies wat hierbo genoem is.

# VYF MATIES BY VRUGBARE SSD

VYF Stellenbossers het pas 'n Stigting Studentedialoog-kamp bygewoon. Daar word gemiddeld drie sulke byeenkomste per jaar gereël. Afgevaardigdes van al die Afrikaanse universiteite word genooi om te besin oor die aktuele sake rondom Suid-Afrika.

Hierdie kamp het in die Suurberge naby Port Elizabeth plaasgevind; 'n unieke plek waar mens die knelpunte van die Suid-Afrikaanse samelewing in totale afsondering kan bespreek. Die verrigtinge was geskoei op die basis van oop gesprek, ingelei deur die onderskeie afgevaardigdes. Die grondslag van die bespreking was konsensus oor die vraagstukke onder bespreking.

Die voorafbepaalde onderwerpe waaroor besin moes word, was Suid-Afrika se weerbaarheid teen die totale buitelandse aanslag; Samewerking tussen die vrywordende state in Suider Afrika asook die posisie van die Swart stede; en laastens die Motivering vir die Swartman en Kleurling tot selfhelp en selfontwikkeling. Tydens die oop sessies was dit veral Studente politiek en Studentepublikasies wat onder bespreking gekom het.

### MEER VERLIG

Hoewel daar eenstemmigheid was oor heelwat aspekte onder bespreking, het dit duidelik geblyk dat Stellenbosch meer verlig is in sy toekomsvisie as meeste van die noordelike universiteite.

Die vyf afgevaardigdes uit die Eikestad was Renier Koegelenberg, Etienne Rabe en Piet Stofberg, almal SR-lede, Roelof McLachlan, voorsitter van die Primarii/ae-komitee en Kobus Pienaar. Prof. Piet Cilliers van die Dept. Joernalistiek en prof. Willie Esterhuyse van die Dept. Filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch was ook teenwoordig as gesprekleiers.



*Jannie Marais, kaptein van die wenspan Libertas, in die mansafdeling van die Castle Lager Universiteit van Stellenbosch Atletiekkampioenskappe, ontvang 'n tjek van mnr. Johan du Toit, bemarkingsbestuurder van Ohlsson se Kaapse Brouerye. Die byeenkoms is op 10 Maart gehou.*

# *JULIAN VIR BRITTANJE NA MOSKOU*

WIE sal die naam Julian Marsay nie ken nie? Ons onthou almal hoe hy so 'n maand gelede op skitterende wyse 'n nuwe S.A. rekord in die 3 000m opgestel het. Ons weet ook van sy wêreldklastyd van 8min.22,7s in die 3 000m hindernis wat hy in Lausanne, Switserland opgestel het.

Julien is 23 jaar gelede in Engeland gebore, maar sy ouers immigreer na Suid-Afrika en hy word in Houghton, Johannesburg groot. Op skool was hy 'n veelsydige atleet wat ook in die veldnommers uitgeblink het. Sy twee susters het elk 'n S.A. rekord gehou. Een jaar was daar vyf van die nege Marsay-kinders in die Suid-Transvaal span. In sy hoërskooldae presteer Julian veral in veldlope, maar spits hom later op die baan toe.

**BRITTANJE**

Julian het nou eenmaal internasionale kompetisie geproe en nou wil hy net meer hê. Vanweë sy Britse paspoort het hy 'n goeie kans om vir die Britse span aan die Olimpiese Spele in Moskou deel te neem. Sy beste tye vergelyk goed met dié van die atlete van Brittanje. Die vinnigste tye daar in die 3 000m hindernis die afgelope seisoen, was dié van Dennis Coates (8min.26s), en John Davies met 8min.27,7s. Julian is daarenteen ook nog baie jonk vir 'n hindernis-atleet. Die meeste hindernis-atlete bereik hul toppunt op 'n ouderdom van 27 jaar en ouer.

Elke mens wil op sy beste tye verbeter. So ook Julian. Hy het reeds goeie tye in die 1 500m (3min.45,2s) en ook in die 1 myl (4min.5s) behaal. Hy hou die S.A. rekord in beide die 3 000m en 3 000 m hindernis. In die 5 000m wil hy ook nog op sy 13min.35s verbeter. Dan sal hy oor 'n paar jaar ook die manne in die 10 000m pak.

Daardie skitter 3 000m hindernis wat Julian in Lausanne gehardloop het is seker die hoogtepunt in sy atletiekloopbaan. Onder moeilike omstandighede het hy die tonge oorsee losgemaak. Sy tyd sou dalk nog beter gewees het as die wedloop op Coetzenburg gehardloop is. Julian het alle lof vir die skare hier. Dit is asof hulle 'n man optel en vorentoe druk. Hy weet ook nou al dat hy sal verlang om hier te kan oefen as hy oorsee is.

Hy glo dat sukses in meerdere mate van jou geestelike ingesteldheid afhang ("in the mind"). Jy moet 'n wil hê om te wen, 'n wil om goeie tye te hardloop.

Met hierdie filosofie en die bereidwilligheid om hard te werk, lê daar 'n lang tyd van groot atletiek vir die Matie-Springbok voor. In die gees sal Maties en ook Suid-Afrika hom "dra" terwyl hy oorsee is.

GET FRUITY WITH JUICY LUCY.

Juicy Lucy now at the Kentucky Fried Chicken store in Stellenbosch. Serving freshly squeezed 100% pure fruit juices. Juicy Lucy and The Colonel have got together to give you the finest fast food service in town. 100% pure fruit juice plus finger lickin' good Kentucky Fried Chicken, Colonel Burgers, chips, salads and desserts.

FRESH PURE FRUIT JUICE
JUICY LUCY
It's the real thing

TAKE A JUICE TRIP TODAY.

KENTUCKY FRIED CHICKEN,
Trust Bank Centre, Stellenbosch.
Telephone: 6174.

Campbell-Ewald 1243

# MATIE LOOP S.A. REKORD

GEMEET aan die skitterende Eerstejaarsbyeenkoms het die U.S.-atletiekkampioenskappe min hoogtepunte opgelewer. Die junior atlete het egter op die W.P. Junior atletiekkampioenskappe getoon dat daar baie talent onder hulle is. Ernest van Eck het 'n nuwe S.A. rekord in die 2 000m hindernis vir seuns O/19 opgestel. Sy tyd was 5min. 41,4sek. – ongeveer 10s beter as die vorige rekord.

Die 47,7s van Russel Rein in die 400m was seker die hoogtepunt van die byeenkoms. Dis 'n nuwe W.P. rekord. Gerald Gray het 'n puik 10,6s in die 100m uitdunne behaal, terwyl hy in die 200m 'n nuwe W.P. rekord (huishoudelik) opgestel het. Sy tyd van 21,5s ewenaar die W.P. Ope-rekord. Gerald het beide nommers onderskeidelik in 10,8s en 21,6s gewen. Patsy Sharples het 'n nuwe W.P. rekord in die 1 500m vir dogters O/18 opgestel. Haar tyd was 4min. 29,1s, terwyl Judy Ryan tweede was met 'n tyd van 4min. 32,4s. Patsy het in die 800m 'n tweede plek behaal.

René de Wet het die spiesgooi met 'n afstand van 71,96m gewen, met sy Matie-spanmaat Louis Olivier tweede met 68,8m. In die hoogspring was H. Badenhorst eerste met 'n hoogte van 1,95m en F. Perold tweede met 1,91m. C. Hayward was tweede in die skyfwerp met 'n afstand van 45,46m. R. Campbell het die 400m hekkies in 'n goeie tyd van 54,1s gewen. Elma van Vuuren het in die hoogspring vir dogters O/18 tweede gekom met 'n hoogte van 1,57m.

**INTERVARSITY**

Die afgelope intervarsity teen die Tukkies het min hoogtepunte aan die kant van die Maties opgelewer. Die Maties kon slegs in nege van die 31 nommers eerste plekke behaal. Sommige atlete het swak presteer. Annalise Kuun het die 1 500m in 'n goeie tyd van 4min.29,3s gewen. Sy het vierde in die 800m geëindig, terwyl Patsy Sharples tweede was in die 1 500m. Frieda du Plessis het die 400m vir vroue met 'n tyd van 55,1s gewen, terwyl sy tweede in beide die 100m en 200m was. Brenda Krogmann het die 400m hekkies vir vroue in 62,0s gewen, met Isabel Kock tweede. Brenda was derde in die verspring, vierde in die 100m hekkies en sesde in die 200m.

**MANS**

Julian Marsay het die 3 000m hindernis sowel as die 5 000m gewen, onderskeidelik in 9min.20,1s en 14min.43,0s. Tweede in die 3 000m hindernis was Johan Daffue met Victor Liebenberg derde. Victor was tweede in die 5 000m. Danie Goosen het die 800m in 1min.51,7s gewen. In die veldnommers het die Maties drie eerste plekke behaal. W. Pienaar was eerste in die hamergooi met 'n afstand van 51,22m, terwyl Johan Oosthuizen die spiesgooi met 75,37m en Izak Kotze die skyfwerp met 'n afstand van 55,24m gewen het.

**US-KAMPIOENSKAPPE**

Die deelnemertal by die U.S.-kampioenskappe was teleurstellend. Wat word van al die atlete wat aan die eerstejaarsbyeenkoms deelgeneem het? Maties se atletiek kan nie bekostig dat hulle verlore raak nie. Die enigste hoogtepunt van die byeenkoms was die oorwinnings van Aneen de Jager in die 800m en 1 500m. Sy het ná swak vertonings tydens die intervarsity getoon dat sy reg is om goeie tye dié seisoen te behaal. Die spankompetisies vir mans en dames is onderskeidelik deur Libertas en Nerina gewen.

Vanaand kan puik atletiek tydens die W.P.-kampioenskappe op Coetzenburg, verwag word. Die beste atlete in die W.P. sal in aksie gesien word.

# GOUE JAAR VIR NETBAL

MIN Maties is bewus van die skitterende prestasies, diepte en afrigting van die U.S. netbalklub. Dié klub se prestasies is uitsluitlik te danke aan die twee uitstekende afrigsters, mevv. Hantie du Toit en Sheila Foulkes.

Mev. Hantie du Toit is aan die einde van 1978 bekroon met die ere-presidentstoekenning vir die beste netbalafrigster in S.A.

Hulle handewerk is duidelik te bespeur as daar na die prestasie van die



*DIRKIE BADENHORST*

netbalspeelsters gekyk word. Die Markotterbeurs vir die beste sportprestasie van 1978 is aan Leoni Strydom toegeken. Verder het 6 speelsters van die U.S. Netbalklub die Bolandspanne by die S.A. toernooi verteenwoordig

Die klub het nege spanne waarvan die eerste span wenners was van Liga I en die sewende span die wenners van Liga IIR. Die SAU-toernooi is ook vir die sewende agtereenvolgende jaar deur die Maties gewen.

Die afgelope twee weke is fiksheidsoefeninge deur mevv. Hantie du Toit en Foulkes aangebied om die netbalspeelsters topfiks te kry vir die komende seisoen.

**PLUIMBAL**

Pluimbal beleef op die oomblik 'n bloeitydperk aan dié kampus. Dit word duidelik weerspieël uit die eerste span se oorheersing van die Boland senior liga wat nou al vir drie jaar agtereenvolgens deur Stellenbosch ingepalm is.

Verder het ons span by die SAU-toernooi ook goed gevaar deur derde uit nege universiteite te eindig en slegs teen Wits en Ikeys te verloor. Na afloop van dié toernooi is 'n keurlys bekendgestel waarvolgens Deon du Plessis 7de en Johan Coetzee 8ste gekeur is terwyl Judy Ferreira die 5de plek onder die dames ingeneem het.

Die algemene jaarvergadering vir 1979 is reeds gehou waartydens die volgende persone tot die bestuur verkies is: mnr. P. Retief van die sportkantoor as president, mnr. J. Goosen as voorsitter en mnr. J. Coetzee as sekretaris.

Ons is gelukkig om nog die meeste van verlede jaar se spelers by ons te hê, maar verwelkom alle nuwe lede omdat ons graag sal wil sien dat meer studente aan hierdie aangename sport deelneem, hetsy op mededingende of sosiale basis. Beginners wat slegs vir goeie oefening en ontspanning pluimbal wil speel, is dus meer as welkom om hul hand aan die maklike sport te sit.

Beginners en gesoute spelers is almal welkom om Maandae 19h00 tot 21h00 en Dinsdae en Woensdae tussen 18h00 en 21h00 by die D.F. Malan-sentrum in te loer. Almal kan verseker wees van die nodige hulp, raad en afrigting op welke wyse dit ook al verlang mag word.

